

## VELE WONINGS: DIE LEWE EN TUISTES VAN CATHARINA VAN PALIACATTE

**Schalk W. le Roux**

*Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria  
Posbus 1357, Gordonsbaai 7151*

### **Many mansions: the life and homes of Catharina of Paliacatte**

Catharina of Paliacatte landed in Table Bay on 21 February 1657 after she was “eternally” banned from Batavia. This was on the same day that Jan van Riebeeck, through his granting of land to the Free Burghers, forever changed the nature of the revictualing post. Catharina was a colourful personality and the fact that she was one of but six or seven single women at the Cape at that time led to various liaisons, which in turn resulted in her being one of the most important matrilineal ancestor of several South African families. Mansell Upham, in 1997, did a study of her life. Here the same sources are revisited, other and further deductions made and an attempt made to recall pictorially the places where she had lived. Just as the more widely published story of the life of her friend, Angela van Bengale, has a wide readership, hers is similarly deserving.

**Key words:** Angela van Bengale, Anthonie van Bengale, Bandit, Batavia, Catharina van Paliacatte, Christoffel Snyman, Exile, Peter Everaert, Pulicat, Slave, VOC

Catharina van Paliacatte het op 21 Februarie 1657 in Tafelbaai aangekom nadat sy “vir ewig” uit Batavia verban is. Dit was dieselfde dag dat Jan van Riebeeck die aard van die verversingspos vir altyd verander het deur grond aan Vryburgers toe te ken. Sy was ’n kleurryke figuur en die feit dat sy toe een van slegs ses of sewe ongetrouwe vrouens aan die Kaap was, het verskeie verhoudings tot gevolg gehad wat op hulle beurt aanleiding daartoe gegee het dat sy een van die belangrikste stammoeders van verskeie families in Suid-Afrika geword het. Mansell Upham het in 1997 ’n studie oor haar lewe gemaak.<sup>1</sup> Hier word dieselfde bronne herbesoek, ander en verdere

<sup>1</sup> M.G. Upham, 1997. In hevegin woede... *Capensis* 3/97, September, pp. 8-33. Dit is een van ’n reeks ondersoeke na die lewens van Kaapse vrouens wat hier vir die eerste keer in die huwelik getree het. Daar word gepoog om ook hulle fisiese wêrelde sigbaar te maak. Ander is Marie Catherine le Fébre, Marguerite de Savoye, Anna Margaretha Siek, Zacharia Visser, Rebecca van Macassar, Diana van Bengale, Sophia van de Caap, Aletta Verwey en Martha Terblanche.

afleidings gemaak en gepoog om ook die plekke waar sy gewoon het, piktoraal op te roep. Soos die lewe van haar vriendin, Angela van Bengale oor wie baie geskryf is, verdien hare ook 'n wye leserskring.

**Sleutel terme:** Angela van Bengale, Anthonie van Bengale, Bandiet, Banneling, Batavia, Catharina van Paliacatte, Christoffel Snyman, Peter Everaert, Pulicat, slaaf, VOC

### Aankoms in Tafelbaai

Teen die aand van 21 Februarie 1657 het twee van die latere stammoeders van uitgebreide Suid-Afrikaanse families met die retoervloot van Batavia [vandag Jakarta] in die Kaap aangekom. Die een was 'n slavin en het by die Nederlanders as Angela van Bengale bekend gestaan. Die ander een was die eerste vroulike banneling wat na die Kaap gestuur is. Sy was as Catharina van Paliacatte bekend. Oor eersgenoemde is baie geskryf, maar Catharina het nie dieselfde aandag gekry nie.<sup>2</sup> Hulle werklike name en oorsprong is nie in die destydse rekords opgeteken nie en hulle aankoms is ook nie deur Jan van Riebeeck (1619-1677) in sy dagregister vermeld nie. Hy was dié dag met ander sake besig.

Dit was 'n belangrike en beslissende dag in die geskiedenis van Suid-Afrika en Van Riebeeck se inskrywing handel omtrent geheel en al oor die vestiging van die eerste Vryburgers langs die Liesbeeck, 'n stap wat sou mee help om die garnisoen, asook die uitgawe vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), te verminder. Net die vorige dag het Autshumao (*ca. 1611-1663*)<sup>3</sup> en van sy mede-Goringhaikwa, bewus van hierdie planne, hulle besorgdheid oor hulle eie toekoms en woonplek, sou die Nederlanders begin om huise weg van die fort op te rig, aan die kommandeur oorgedra. Dit was die eerste aantekening van die grondvraagstuk wat later soos 'n *leitmotif* deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis sou loop. Autshumao en sy mense is gepaai dat hulle steeds tussen die setlaars sou kon woon, dat daar genoeg plek vir hulle vee sou wees en dat die Vryburgers vir brood en tabak sou sorg. Ten spye daarvan dat dit, "... wel te merkcken dat haer niet heel na den sin was", gaan Van Riebeeck die volgende dag – en in net die volgende paragraaf van die register – voort

---

<sup>2</sup> Upham, wat die deeglikste rekonstruksie van haar lewe saamgestel het, meld dat Robert Shell in sy lywige *Children of Bondage* (Johannesburg, 1997) nie eers "this important slave figure" noem nie. M.G. Upham, In hevegin woede..., p. 9.

<sup>3</sup> "Herrie" deur die Nederlanders genoem.

om die reëlings vir die vestiging van die Vryburgers uit te spel.<sup>4</sup> Die aankoms van die retroervloot word terloops teen die einde van die dag se inskrywing vermeld.

Die vestiging van Vryburgers<sup>5</sup> het die aard van die Kaapse halfweghuis van 'n verversingspos na 'n permanente Europese nedersetting verander. Catharina was een van die eerste aankomelinge na hierdie vestiging en sy sou ook die res van haar lewe daar deurbring.

## Pulicat

Catharina (*ca. 1631-ca. 1682*) maak op 8 Oktober 1656 haar verskyning in dokumente van die VOC in Batavia. Daarvolgens was sy afkomstig van Pulicat, Paliacatte deur die Nederlanders genoem, of Pazhaverkadu in Tamil. Dit is vandag 'n klein vissersdorpie waar die groot soutwaterlagune, wat as die Pulicatmeer bekend staan, langs die Indiese Koramandelkus in die see uitmondt.

Teen die tyd dat die Portugese dié kus bereik het, was dit reeds bekend vir die katoenstowwe wat daar geweef is. Skepe van die VOC het dié materiaal langs die kus ingeskeep en as ruilmiddel vir speserye soos foelie, neutmuskaat en naeltjies in die Indonesiese argipel verder oos aangewend. Hierdie 'kustkleden' was goedkoop as gevolg van die lae voedselprys en lone en die handel was hoogs voordeelig vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie.<sup>6</sup> In 1607 het hulle 'n vastrapplek in Pulicat gekry en drie jaar later is toestemming aan die Kompanjie verleen om fortifikasies by hulle nedersettings op te rig. Van toe af tot 1687 was Pulicat die administratiewe sentrum langs die Koramandelkus. Teen die tweede helfte van die 17<sup>de</sup> eeu het die belang daarvan afgeneem, veral as gevolg van kompetisie met die Britte en die suidwaartse uitbreiding van die Mughal-ryk. In 1795 is die fort aan die Engelse oorgegee, maar in 1805 of 1806 is dit deur die Nederlanders opgeblaas.<sup>7</sup> Van Fort Geldria het slegs die terrein en die gragte oorgebly.

Vir die grootste gedeelte van die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu was die Europeërs, met die Nederlanders as skakel, diep betrokke by die verhandeling en verskeping van slawe van Indië na Sri Lanka, die Wes-Indiese eilande, Batavia en die Kaap. In die tydperk tussen 1621 tot 1665 is duisende Indiese slawe van die kus, en meestal uit Pulicat,

<sup>4</sup> D.B. Bosman, & H.B. Thom (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*, Deel II, 1656-1658 (Kaapstad, 1955), 20.02.1657, pp. 98-99 (hierna *Daghregister Jan van Riebeeck*).

<sup>5</sup> *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 21.02.1657, p. 103.

<sup>6</sup> E.M Jacobs, *Koopman in Azië. De handel van de Verenigde Oost-Indische Compagnie tijdens de 18de eeuw* (Zuthpen, 2000), p. 78.

<sup>7</sup> C.L. Temminck Groll, *The Dutch overseas* (Zwolle, 2002), pp. 233-235.

weggevoer.<sup>8</sup> Die waarskynlikste tyd vir Catharina om van daar na Batavia te gegaan het, is die tydperk ná 1645. Na die inname van die Hindoeryk van Vijayanagara deur die Sultanate van Bijapoer en Golkonda<sup>9</sup> is die Tanjavurstreek deur die weermag van Bijapoer verwoes en hongersnood het gevolg. Meer as 150 000 mense is deur die Deccani Moslemmagte na Bijapoer en Golkonda geneem. In 1645 is meer as 2 000 slawe na Batavia uitgevoer, die oorweldigende meerderheid afkomstig uit suidelike Koromandel.<sup>10</sup> Catharina was toe omrent 15 jaar oud en dit is gevolglik moontlik dat sy 'n dekade in Batavia deurgebring het.

Johann[es] Nieuhof (1618-1672), wat in 1656 die Nederlandse gesantskap na Peking [nou Beijing] vergesel het, het in 1665 sy waarnemings gepubliseer. Hy doen in 1662 by Pulicat aan en beskryf die plek soos dit aan Catharina bekend was.<sup>11</sup> “Die VOC”, skryf hy, “het 'n stewige fort met vier bastions, genaamd Geldria, in Pulicat. Die dorp daarbuite word beskerm deur 'n grondwal, wat nie goed onderhou word nie, maar binne is daar hoë huise dig op mekaar gebou. Dit word deur Nederlanders en Jentive of heidene bewoon.<sup>12</sup> Laasgenoemde is veral by die vervaardiging en handel van gekleurde en wit kaliko en linne betrokke waarvan kledingstukke gemaak word. Rys word in oorvloed saam met ander graansoorte gekweek en weekliks na die mark gebring.

“Die rivier [mond van die lagune] naby die kasteel swel hoog tydens die reënseisoen sodat handelsware met behulp van vaartuie afgelai kan word. Maar in die somer trek die water terug en moet die ware na die land gedra word. Dan vrek baie van die vis, veral harders, wat volop is. Daarom vang die bewoners hulle betyds en droog hulle om later na ander plekke te vervoer. Die noordelike Moeson begin in *Wijnmaent* (Oktober) en waai tot *Wintermaent* (Desember) en met soveel geweld dat skepe dit skaars in die rede kan waag.

“Daar woon Brahmane, Baniane en Panekaiers of Thomiste en Jode.<sup>13</sup> Hulle is druk besig want die Kaffila [qâfila] of karavaan arriveer maandeliks oorland van Agra,

<sup>8</sup> W. O. Dijk, The Dutch trade in Asian slaves: Arakan and the Bay of Bengal, 1621-1665. An end to the history of silence? *Newsletter no 46* (The Hague, 2008), p.16.

<sup>9</sup> S.U. Kamat, *A concise history of Karnataka from pre-historic times to the present* (Bangalore, 2001), p. 174.

<sup>10</sup> Die volgende groot wegvoering van mense van Koromandel na Batavia het plaasgevind toe sy reeds in die Kaap was. M. Vink, The world's oldest trade: Dutch slavery and slave trade in the Indian Ocean in the Seventeenth Century, *Journal of World History* 14(2), pp. 131-178, Table 1.

<sup>11</sup> J. Nieuhof, *Zee en lant-reize, dood verscheide gewesten van Oostindien* (Amsterdam, 1682), pp. 112-113.

<sup>12</sup> Enige nie-Christene, maar in die E17 verwys dit meestal na Hindoes. Engels *gentoo* van Portugese *gentio* = heiden, paganismus.

<sup>13</sup> Baniane is 'n klas van (vegetariese) Hindoeandelaars, 'n kaste van die Vaisjya. Vandaar die matrose se naam vir die dae wanneer die bemanning nie vleis voorgesit is nie – “Baniaanse dae”. A. Ridgway,

Golkonda, Suratte en Kambaia. Baie van die Baniane en Jode is gegoede handelaars. Christene en Moslems bring hulle ware seelangs van die Rooi See, die Persiese Golf, Suratte, Goa, Malabar, Sumatra en Malakka [nou Melaka].”

Komende uit suidelike Indië, het Catharina Tamil en/of Telegu, twee van die suidelike Dravidiese tale wat vandag deur meer as 200 miljoen mense gebruik word, as huistaal gehad.<sup>14</sup> Sy sou moontlik reeds kennis gemaak het met Maleis en Kreools-Portugees, destyds die onderlinge gebruikstale in die meeste hawens van die Indiese Oseaan.<sup>15</sup> In Batavia en die Kaap sou sy ook Nederlands baasraak. Sy het moontlik as 'n Hindoe groot geword<sup>16</sup> en die uitsonderlike tempels van Suid-Indië, die Kompanjie se fort en die dorp geken het, en so ook die gedurige kom en gaan van die Nederlandse skepe langs die kus.

Upham redeneer dat sy waarskynlik 'n onaantastbare (onreine) volgens die Hindoe kastestelsel was en dat dit haar geboorte of verval in slawerny kan verklaar.<sup>17</sup> As gevolg van die vloeibare omstandighede wat in die kosmopolitiese Pulicat, met sy rykdom van geloofsoortuigings en filosofiese begrippe geheers het, kan hierdie argument net as 'n veronderstelling beskou word. Die Mughals, met die destydse heerser, Shah Jahan (1592-1666), was ook by slawehandel betrokke, en hoewel die Nederlanders min skakeling met hulle gehad het, kon sy reeds deur hulle verslaaf gewees het.<sup>18</sup> Of sy gevolglik ook in Pulicat 'n slaaf was, bly onseker. Destyds sou sy haar waarskynlik as "gelukkig" geag het om na Batavia geneem te word, eerder as na een van die suikerplantasies in Suriname.

## Batavia

Catharina is van Batavia na die Kaap gevoer om die res van haar lewe daar deur te bring, maar haar komst was nie vrywillig nie. Twee afskrifte uit die Bataviese *Sententieboek* (Strafboek) het haar vergesel. Hierin word die rede vir haar verbanning na die Kaap verhaal en word meer geleer van haar omstandighede en lewe in die oosterse hoofstad van die VOC:<sup>19</sup>

---

<sup>14</sup> Everman's *encyclopaedia* (London, 1950). Thomiste was aanhangers van die filosofie van die H. Thomas Aquinas (ca. 1225-1274). Dit het van die 13<sup>de</sup> tot die 16<sup>de</sup> eeu ook 'n invloed op Joodse denkers gehad.

<sup>15</sup> B. Krishnamurti, *The Dravidian languages* (Cambridge, 2003), p. 19.

<sup>16</sup> O.J.O. Ferreira & S.W. le Roux, *Sagres & Suiderkruis* (Gordonsbaai, 2009), p. 202.

<sup>17</sup> Die varkkleis, wat later (dalk) tot die alterkasie tussen Catharina en Claes aanleiding gegee het, duï daarop dat hulle nie Moslems was nie.

<sup>18</sup> M.G. Upham, *In hevegin woede...*, p.10

<sup>19</sup> F. Pelsaert, *A contemporary Dutch chronicle of Mughal India*, Translated and edited by Brij Narain and Sri Ram Sharma (Lahore, 1957), p. 48.

<sup>19</sup> Kaapse Argiefbewaapplek (hierna KAB), Raad van Justisie, CJ. 281, no. 44, Saak van Catharina van Paliacatte, 16-11-1656, pp. 5-7. Afskrifte: 25.11.1656.

Ongeveer twee uur die middag van 8 Oktober 1656 het sy by die tuin van die Kompanjie se stalmeester, Hendrick Christoffel Loser, by die klein fort in een van die wyke van Batavia, Rijswijk midde die ryspadi's,<sup>20</sup> met 'n pot koue varkvleis aangekom. Sy was daar om een van Loser se slawe, Claes van Mallebaerse, te ontmoet en die kos met hom te deel. Hulle was minnaars. Claes het reeds sy middagmaal gehad en het die kos beleefd geweier. Om een of ander rede het die besoek hierna skeefgeloop. Claes het kwaad geword, daar is oor en weer op mekaar geskel, 'n stoeiery het ontstaan en sy is seksueel deur hom aangerand en geslaan. Toe sy loskom het sy bevrees, maar ook woedend, haarself verdedig deur "... een groot houckige hoij leer van de perde op te vatten en daermede genoemde Claes soodanich tegens het hangen van sijn buijck omtrent sijn mannelyckh ... te werpen". Sy blaas het gebars en vier dae later is Claes orlede.

Op 16 November is Catharina skuldig bevind en gevonnis om aan 'n paal vasgemaak en met 'n tou verwurg te word. Haar eiendom sou ook gekonfiskeer word.<sup>21</sup> Dié straf het sy egter vrygespring, want twee dae later het die goewerneur-generaal van Batavia, Joan Maetsuycker (1606-1678), dit versag omdat sy in selfverdediging opgetree en nie beplan het om Claes te vermoor nie. In plaas daarvan is sy lewenslank na die Kaap verban. Op 4 Desember 1656 het sy saam met die retroervloot uit Batavia vertrek.

Omdat slawe en bandiete<sup>22</sup> nie huis 'n belangrike rol in die administratiewe doen en late van die Kompanjie gespeel het nie, is min oor haar bekend. Omdat sy gedurig die destydse reëls, regulasies en wette met haar optrede bevraagteken het, asook die feit dat sy en haar hele familie later gedoop is, eiendom bekom en skuld gemaak het, kan 'n beeld van die res van haar lewe tog herskep word.

Wat haar werklike naam was, is onbekend. Die eerste naam waaronder sy in dokumente haar opwagting maak, is een wat deur slawehandelaars of 'n eerste eienaar in die Ooste aan haar gegee is. Dit was die gebruik om slawe te benoem na aanleiding van die plek vanwaar hulle na ander dele van die VOC se handelsryk weggestuur is.<sup>23</sup> Sy is dus heel waarskynlik van Pulicat na Batavia weggevoer. Dit beteken egter nie dat sy wel van dié destydse hoofkwartier van die VOC op die Koromandelkus afkomstig was nie. Sy kon ook vooraf daarheen ontvoer gewees het.

<sup>20</sup> *Padi* is 'n Maleise woord wat óf ongewande rys in die dop of die aar, óf die ryslande self, beskryf.

<sup>21</sup> Omdat slawe nie eiendom kon besit nie, is dit onduidelik wat hiermee bedoel is.

<sup>22</sup> Anders as die Afrikaans waar die woord "*n veroordeelde wat gevangenisstraf ondergaan*" beteken, bevat die Nederlandse woord [vandaag] die betekenis van 'n skelm, boef of deugniet (*schavuit*) – in teenstelling met banneling wie se vonnis hom/haar verbied om in 'n bepaalde gebied te bly. C. Kruijskamp, *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse taal* ('s-Gravenhage, 1976).

<sup>23</sup> J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, Vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, p. 6.

Haar naam word in die dokumente afgewissel of verkeerd aangegee: Catharijn, Cathrynn, Catrijn, Catrine, Catrina, Kathrijn. Haar “van” wissel van verskeie weergawes van Paliacatte tot Batavia,<sup>24</sup> Bengale en Mallebaer. Laasgenoemde kom in die begenadigingsdokument van Maetsuycker voor, hoewel vroeër in dieselfde dokument na haar as “geboortich van Paliacatte” verwys word.<sup>25</sup> Dit kan wees dat verwarring ontstaan het as gevolg van haar metgesel, Claes, wat, volgens sy naam, van die Weskus van Indië afkomstig was. Hierdie inskrywing in die *Sententieboek* is in werklikheid die eerste keer dat sy in ’n bekende dokument genoem word. Was Catharina tog van die Indiese Weskus of het haar verbintenis met Claes vir die onsekerheid gesorg? Sy is egter van Pulicat weggevoer en “van Paliacatte” is die naam waarmee sy meestal beskryf is. “Van Coromandel” of “van Bengale” sou beter benamings vir haar gewees het, sou sy wel haar jeug elders langs die Ooskus deurgebring het.

In die Kaap het sy verder as “Groote” Catrijn bekend geword en dit is nie duidelik of dit na haar volwassenheid (ten opsigte van ’n ander Catharina) of haar liggaamsbou verwys het nie. Die krag waarmee sy die hooileer teen Claes aangewend het, dui daarop dat sy moontlik stewig gebou was, hoewel die feit dat sy dit “... in hevegin woede ...” gedoen het, ook ’n rol kon gespeel het. Na aanleiding van haar voorkoms is haar ouderdom in 1656 op 25 geskat.

Uit die genoemde hofsaak word geleer dat sy as die slaaf van die “vrije vrou en juffrouw te dese stede”, Maria Magdalena, diens gedoen het.<sup>26</sup> Maria Magdalena was waarskynlik ’n Mardyker (*orang merdèka* in Maleis) of bevryde Christelike slaaf. Hulle taal was Kreools-Portugees en hulle was meestal van Indiese afkoms.<sup>27</sup> Omrent 80% van die Mardijkers het in die “ommelande”, dit is buite die mure van Batavia in *pettekan*<sup>28</sup> gewoon. Dat sy na die fort in Rijswijk kon stap, dui daarop dat ook Maria Magdalena se woonplek buite die stad was, naby een van die kanale wat die landskap deurkruis het. (**Figure 1, 2 & 3**) Afgesien van die deel van haar persoonlike lewe wat tydens die strafsaak bekend geword het, is niks anders van Catharina se verblyf in Batavia bekend nie. Daar bestaan wel skilderye en tekeninge van die Batavia wat sy sou geken het.


<sup>24</sup> Die VOC, of liewer die Nederlandse regering, het nie toegelaat dat die bevolking van die hedendaagse Java verslaaf word nie. Die toevoeging van “van Batavia” kan net beteken dat sy daar aan boord geneem is. Om onduidelikhed te voorkom, word sy deurgaans in hierdie artikel Catharina genoem, behalwe waar ander spelwyses belangrik is.

<sup>25</sup> KAB, CJ. 1, Criminal Cases, 25-11-1656, pp. 5-7.

<sup>26</sup> Maria Magdalena, sonder enige van aangedui, was ook nie van Europese oorsprong nie en kon dalk voorheen self ’n slaaf gewees het?

<sup>27</sup> H.E. Niemeijer, The Free Asian Christian community and poverty in pre-modern Batavia, in K. Grijns & J.M. Nas (Eds), *Jakarta Batavia: socio cultural essays* (Leiden, 2001), pp. 76, 78.


<sup>28</sup> Tipiese Javaanse huis met voorste muur van klip; die ander drie van bamboespale onder ’n teël- of palmblaardak.



**Figuur 1: Kaart van Batavia met al sy forte, ca. 1644.**

Fort Rijswijk is onder in die middel van die kaart bo die vrou met die sambreel. Net daarbo word die plek van die stalmeester aangedui waarheen Catharina op pad was om Claes te besoek. Oos daarvan loop die Molenvliet deur die nuwe plantasies om by die sentrale rivierkanaal van die stad aan te sluit.

(Uit: J. Nieuhof, *Zee- en lant-reize door verscheide gewesten van Oostindien*, teenoor p. 196.)



**Figure 2 & 3: Fort Rijswijk soos deur Rach (links) in 1770 en Nieuhof (regs) in 1656-1657 uitgebeeld.**

Johannes Rach (1720-1783) het in 1770 'n tekening van die klein fort of post in Rijswijk gemaak. Hy dui ook die Molenvliet aan. Dié grag is in 1648 gegrawe en het van die omgewing van die fort geloop om by die sentrale rivierkanaal van die stad aan te sluit. Houtstompe, uit die woude naby Rijswijk, is hierlangs na Batavia vervoer.<sup>29</sup> Die datum van oprigting (voltooiing?) van hierdie fort word as 1757 aangedui, wat beteken dat dit 'n ouere vervang het of dat 'n tweede fort daar opgerig is. Nieuhof besoek Batavia 'n eeu tevore en beeld 'n veel stewiger en meer indrukwekkende fort as Rach uit. Dit is gevolglik moontlik dat Rach 'n kleiner pos geskets het en dat daar in 1657 'n begin gemaak is met die oprigting van 'n nuwe. Die landskappe verskil – met Nieuhof se fort verder weg vanaf die landerye en gragte, soos op sy kaart. Catharina was toe reeds in die Kaap of op pad daarheen, maar sy sou die omgewing waar haar lewe eensklaps verander het, wel in die uitbeeldings kon herken.<sup>30</sup>

(Uit: <http://www.rendez-vous-batavia.nl/photogallery/marinehotel/marinehotel.pdf>; J. Nieuhof, *Zee en lant-reize, dood verscheide gewesten van Oostindien*, p. 214.)

In die jare vyftig van die 17<sup>de</sup> eeu was Batavia aan die noordwestelike punt van die eiland Java 'n uitgebreide stad en die hoofkwartier van die VOC oos van Afrika. Die stad is simmetries en reglynig uitgelê aan weerskante van die Ciliwung of Tjiliwoeng [-rivier] waarvan die laaste strek na die mond reguit gemaak is en soos 'n sentrale kanaal na die see geloop het. Die rivier is hernoem tot *Kali Besar* of Grootrivier. 'n Vierpuntige kasteel of fort is oos van die oewer opgerig. Ná 1632 is 'n tweede stadsgedeelte aan die linkeroewer aangelê en is die oos-wes kanale in lyn gebring. 'n

<sup>29</sup> D. Greig, *The Reluctant colonists* (Assen, 1987), p. 172.

<sup>30</sup> Johannes Rach, <http://pohonkatakata.blogspot.com/2007/07/johannes-rach-1720-1783.html>, Januarie 2011.

Smal kanaal, stadsmuur en 'n breër grag is om die buiterande aangebring. 'n Derde gedeelte van die stad het buite die muur in die eerste bog van die rivier ontwikkel. Die geheel was omring deur groente- en plesiertuine met landswonings hier en daar.

Die kasteel was 'n soliede, amper vierkantige gebou met vier bastions. Die punte was ongeveer 250m van mekaar met die twee- tot drie verdieping hoë administratiewe geboue in die binnehof. In die suidwestelike hoek was 'n kasteelkerkje. Die Waterpoort het noord na die see geleë, die Landspoort suid na die stad. Verder suid was 'n plein waar die stadsgebou en kerk gebou is. Die hoofstraat tussen die kasteel en die plein het as Prinsenstraat bekend gestaan met die belangrikste strate en kanale ewewydig aan hierdie as. Wes was die Heerenstraat, oos die Tijgersgracht. Catharina is binne die kasteel verhoor waar die hofsaal was en is moontlik ook daar aangehou totdat sy tussen die hoofkwartier en die Westzijde pakhuise, oorkant die Kali Besar<sup>31</sup> na die Prins Willim in die baai geneem is. (**Figuur 4**)



**Figuur 4: Andries Beeckman ca. 1656-1663, *Kasteel van Batavia, gesien van Wes Kali Besar*. Tropen Museum Amsterdam. Van die skilder en tekenaar, Andries Beeckman (†1664), is weinig bekend. Slegs een skildery, *Kasteel van Batavia, gesien van Wes Kali Besar* of *De markt van Batavia; op de achtergrond het door Jan Pietersz. Coen in 1619 gebouwde fort*, 'n tekening van die Kaap en omtrent**


<sup>31</sup> C.L. Temminck Groll, *The Dutch overseas*, pp. 129-133.

<sup>32</sup> Daar bestaan twee weergawes van die skildery. M.-O. Scalliet, Une curiosité oublié: le "Livre de dessins faits dans un voyage aux Indes par un voyageur hollandais" du marquis de Paulmy. *Archipel*, no. 54, 1997, pp. 38-44, 47 & 48. Die twee weergawes van sy skildery skep by sommige historici twyfel oor die integriteit van VOC-skilderye en hulle waarde as historiese dokumente, veral omdat sommige van hierdie werke deur kunstenaars gedoen is wat nooit Europa verlaat het nie en hulle uitbeeldings op die verhale van terugkerende landgenote baseer het. J.G. Taylor, Painted ladies of the VOC, *South African Historical Journal* 59, 2007, p. 54. Hoewel Beekman se skilderye moontlik eers in 1663 geskilder of voltooi is, kan hy nie van tweedehandse kennis beskuldig word nie.

**57 akwarelle word vandag sonder twyfel aan hom toegeskryf, hoewel daar aanduidings is dat hy veel meer werk gelewer het.<sup>32</sup>** 'n Bataafse dokument, gedateer 3 Januarie 1657, meld dat hy in skuld verval en as soldaat saam met die Arnhem teruggestuur is na Nederland. Dié skip het drie maande na die vertrek van Catharina uit Batavia geseil.<sup>33</sup> Sy skildery, of sketse vir die skildery, is gevvolglik teen die einde van 1656 of die begin van 1657 gemaak en bied 'n beeld van dieselfde omgewing waar Catharina gewoon en gewerk het, asook die ryke mengelmoes van mense en kleredrag van die kosmopolitiese stad.<sup>34</sup>

### Prins Willim

Die *Prins Willim* is in 1650 vir die Kamer van Zeeland in Middelburg gebou. Dit was 86 meter lank, die twee hoofmaste was 54 meter hoog en dit is waarskynlik die grootste *spiegelretourschip*<sup>35</sup> wat ooit deur die VOC gebou is. Die retroervloot, waaronder ook die *Amersfoort*, *Dordrecht*, *Wapen van Amsterdam* en *Wesvriesland*,<sup>36</sup> was onder aanvoering van admiraal Mathijs Crabb, vise-admiraal Pieter Hackius, wat later as Kaapse kommandeur kortstondig een van Catharina se werkgewers geword het, en ook skout-by-nag, Pieter Kemp. (**Figure 5 & 6**)




**Figuur 5: Replika van die Prins Willim wat in 2009 deur 'n brand verwoes is en tans restoureer word. Regs is die "speichel" aan die agterkant.**  
(Prins Willim, <http://www.vocsite.nl/schepen/detail.html>, Januarie 2011.)

<sup>33</sup> Op 3 Februarie 1657. <http://www.vocsite.nl/schepen/detail.html?id=11461>, Arnhem.

<sup>34</sup> Andries Beeckman, [http://en.wikipedia.org/wiki/File:Andries\\_Beeckman\\_-The\\_Castle\\_of\\_Batavia.jpg](http://en.wikipedia.org/wiki/File:Andries_Beeckman_-The_Castle_of_Batavia.jpg), Januarie 2011.

<sup>35</sup> Die "speichel" verwys na die halfronde agterste afsluiting van die skip onder die hekbalk.

<sup>36</sup> Die *Wapen van Holland* het reeds by die Prinse-eiland (tussen Java en Sumatra) van die vloot afgedwaal. *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 21-02-1857, p. 103.



**Figuur 6: Snit deur 'n tipiese spiechelretourschip**

(<http://www.vocsite.nl/schepen/lijsst/images>)

1. Vragruim; 2. Koebrugdek; 3. Oorloopdek; 4. Verdeck; 5. Stuurplek; 6. Offisierskajuite; 7. Kompanjiesdek; 8. Bo-Kompanjiesdek; 9. Bakdek, ingerig vir skeepsvolk; 10. Galjoen, uitgeboude ondersteuning van die boegsprit; 11. Boegsprit of ondermas; 12. Fokkemas; 13. Hoofmas; 14. Bezaansmas. Die oorloopdek sluit die vragruim af. In die Trope is doeke oor die kompanjiesdek gespan om skaduwee te verskaf. Die galjoen, 'n verhewigde vrydraende gedeelte aan die boeg, het die kenmerkende vooraansig van die Oos-Indiëvaarder bepaal.

(VOC schepen, <http://www.voc-kenniscentrum.nl/vocschepen.html>, Januarie 2011).

Dié spesifieke retroervloot het 80 dae geneem om die Kaap, diagonaal oor die Indiese Oseaan, te bereik.<sup>37</sup> Soos die slawe later, het Catharina, as veroordeelde banneling, die reis waarskynlik in die ongemaklike koebrugdek saam met die twee ander bannelinge<sup>38</sup> deurgebring. Die koebrug- of halfdek was slegs anderhalf meter hoog en is gebruik om speserye, maar ook slawe en soms manskappe of siekes te huisves.

Haar latere vriendin, Angela (soms Ansila of Ansela) van Bengale (†ca.1720), het met dieselfde vloot aangekom. Sy was die slaaf van Pieter Kemp wat haar in die Kaap aan Van Riebeeck verkoop het omdat amptenare van die Kompanjie slegs met spesiale toestemming slawe tot in Nederland, waar hulle teoreties vry sou wees, kon

<sup>37</sup> VOC shepen, <http://www.vocsite.nl/schepen/lijsst.html>, Januarie 2011.

<sup>38</sup> H.C.V. Leibbrandt (Ed.), *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Journal 1671-1674 & 1676* (Cape Town, 1902), 16-03-1671, p. 9.

meeneem. Daar bestaan geen getuenis dat die twee vroue mekaar voor die tyd geken het nie. Reeds by haar aankoms is daar onsekerheid oor haar status: banneling of slaaf? In die brief gedateer 4 Desember 1656 wat saam met die *Prins Willim* uit Batavia arriveer het, word geskryf dat “*Prins Willem* comen tot UE over drie gesententieerde persoonen waarvan twee voor enigen tijt van jaren op’t Robben eilandt ende een slavinne voor al haer leven aan de Kaap gebannen sijn.”<sup>39</sup> ’n Verdere afleiding wat uit hierdie passasie gemaak kan word, is dat die ander twee na Robbeneiland verban is, en sy “net” na die Kaap? ’n Mens sou kon spekuleer dat hierdie bewoording haar tweede “ontsnapping” kon wees van ’n erger straf as waartoe sy oorspronklik gevonnis is.

Die skepe het eers agter Robbeneiland teen ’n sterk wind geskuil en die *Amersfoort*, waarop Pieter Kemp en Angela was, het op die sand geloop, maar kon die volgende dag weer vlot gemaak word. Op 24 Februarie is ’n begin gemaak om die proviand, en ook die slawe en bannelinge, aan land te neem.<sup>40</sup>

Die vloot het op 8 Maart uit die Kaap vertrek. Catharina sou hierna die *Prins Willim* nog twee keer in die baai gesien het – in Junie/Julie 1658 en weer in Junie 1660 op die skip se laaste vaart om die Kaap. Die skip het op 11 Februarie 1662 op pad terug van Batavia op 25/26° Suiderbreedte by die eiland Brandon (Madagaskar) in ’n woeste storm vergaan.<sup>41</sup>

## Die Kaapse Vlek

Gedurende die jare wat die suidpunt van Afrika deur die VOC beheer is, is dit, soos ander nedersettings, ook as strafkolonie gebruik.<sup>42</sup> Dit was geen ongewone gebruik om gevangenes, meestal bandiete genoem, ver van hulle lande van herkoms te stuur nie en die eerste verslag oor die gesiktheid van die Kaap as verversingspos het dit reeds in die vooruitsig gestel dat Chinese gevangenes uit Batavia gebring sou kon word om as landbou-arbeiders gebruik te word.<sup>43</sup> Oortreders is vir tydperke wat van ses jaar tot lewenslank gestrek het, na die Kaap gestuur. Ook gevangenes van Europese afkoms het op hierdie wyse hulle straf aan die Kaap uitgedien.

<sup>39</sup> H.C.V. Leibrandt (Ed.) *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters and documents received 1649-1662, Part 1* (Cape Town, 1898), p. 323.

<sup>40</sup> *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 24.02.1657, p. 105.

<sup>41</sup> VOC schepen, Prins Willim, <http://www.vocsite.nl/schepen/lijst.html>, Januarie 2011.

<sup>42</sup> A. Wilmot & J.C. Chase, *History of the Colony of the Cape of Good Hope* (Cape Town, 1869), p. 115.

<sup>43</sup> H.C.V. Leibrandt (Ed.), *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters and documents received 1649-1662*, 26.07.1649.

Ná die uitdiening van hulle straf kon hulle aanbly of na hulle oorspronklike lande terugkeer.<sup>44</sup> Baie het hulle as vryliede gevestig en in 1749 het die Politieke Raad reeds 'n resolusie aangeneem waarin verlof van Batavia gevra is om die vrygestelde "oosterse bandiete" te kan terugstuur na waar hulle ook al vandaan gekom het omdat hulle die hele Kaap vol was en om werk met die arm Europese burgers meegegeding het.<sup>45</sup>

Schoeman stel dit onomwonne dat Catharina van Paliacatte volgens die monsterrolle [van 1657] op Robbeneiland was.<sup>46</sup> Uit die bron wat hy gebruik kan hierdie afleiding egter nie gemaak word nie.<sup>47</sup> Hiervolgens word sy onder "bandiete en kettinggaste" as Catharina van Paliacatte, saam met 'n Chinees as die enigste twee gevangenes aangedui wat lewenslank na die Kaap verban is, sonder enige verwysing na waar hulle hulle bevind het. In Februarie 1658 word hierdie inligting in die monsterrol herhaal. In Maart 1659 het die Chinees se naam uit die monsterrol verdwyn, maar twee ander gevangenes uit Batavia het intussen by haar aangesluit. Al drie word as van Pulicat aangegee, saam met die name van 'n verdere drie Europese "bandiete" uit Batavia wat vir tydperke van tussen tien tot 23 jaar hulle straf aan die Kaap moes uitdien.<sup>48</sup> Hierna word hulle nie weer in die rolle van die volgende twee jaar genoem nie.

In 1660 en 1661 word slegs die name van die garnisoen in die monsterrolle vermeld, maar in 1662 is haar naam weer daar, hierdie keer saam met dié van Susanna en Catrijn van Batavia (lewenslank), die Chinees, ("vir nog vier jaar"), en Gerrit Gerritsz.<sup>49</sup>

Omdat sommige gevangenes wat na die Kaap gestuur is op Robbeneiland opgeëindig het, kan nie aanvaar word dat dit almal se lot was nie. In bogenoemde lys van name van die inwoners van die Kaapse verversingspos in 1659, word spesifiek aangestip dat "Herrie Hottentoo"<sup>50</sup> lewenslank op Robbeneiland is – asof hy, afgesien van die Kompanjie se werksmense, aldaar die enigste gevangene was.

<sup>44</sup> K.M. Jeffreys, The Malay tombs of the Holy Circle, 3. The Oudekraal Kramat. *The Cape Naturalist* 1(4), 1937, p. 120.

<sup>45</sup> KAB, C.127, 16-09-1749, pp. 175-176.

<sup>46</sup> K. Schoeman, *Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717* (Pretoria, 2007), pp. 36, 42.

<sup>47</sup> H.C.V. Leibbrandt (ed), *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters dispatched from the Cape 1652-1662 III*, p. 290.

<sup>48</sup> KAB, VC 39, vol. 2, Muster Rolls of the Officers and men at the Cape 1656-1699: 1657, 1658 & 1659: H.C.V. Leibbrandt, *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters dispatched from the Cape 1652-1662 III*, pp. 293, 297.

<sup>49</sup> A.J. Bösesken (red.), *Uit die Raad van Justisie 1652-1672* (Pretoria, 1986), p. 157 (hierna *Uit die Raad van Justisie*).

<sup>50</sup> "Herrie", soos die Nederlanders hom genoem het, was die leier van die Goringhaikwa (die sogenaamde Strandlopers). Hy is op 10 Julie 1658 saam met twee van sy volgelinge na Robbeneiland verban. *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 10.07.1658; H.C. Bredekamp, *Van veeverskaffers tot veewagters* (Bellville, 1982), p. 13.

Sou Domingo van Batavia wat in 1657 in ballingskap na Robbeneiland gestuur is en op 18 Februarie 1658 aan boord die *Schelvis* hier arriveer het, dieselfde wees as Domingo van Bengale wat in Julie van daardie jaar na die eiland gestuur is om een van die betaalde amptenare te vervang, het hy omtrent vyf maande in die Kaap self vertoef.<sup>51</sup> In 'n saak teen Itschio Wancho op 17 Oktober 1664 is dit duidelik dat hy nie op die eiland was nie. Hy word gevonnis oor 'n oortreding wat hy in die Kaap binne hoorafstand van die fort begaan het. Sy straf was om gegesel te word en daarna om die Kompanjie se "gemeene ende vuijle werken geduerende zijn banissement" te doen.<sup>52</sup> Die volgende dag word hy egter na Robbeneiland gestuur om sy straf daar uit te dien.<sup>53</sup> Wancho het op 1 Maart 1660 aan boord die *Arnhem* voor die Kaap aangekom. Van Riebeeck was beïndruk met hom en skryf in 'n brief dat hy tevreden was met die werkvermoë van Chinese gevangenes en dat hy meer van hulle sou verwelkom. Volgens hom sou hulle "gou gewoond raak aan die plek". Dit is duidelik dat hy hulle as werkers in die Kaap wou hê, en nie as gevangenes op Robbeneiland nie.<sup>54</sup> (**Figuur 7**)



**Figuur 7: Die Kaap, ca. 1658 uit die *De Oost-Indische voyage van Wouter Schouten* (1638-1704), wat in 1676 verskyn het. Hy was 'n Haarlemse chirurgyn in diens van die VOC. Hy het die Texel op 16 April 1658 verlaat en van 25 Julie tot 1 Augustus in die Kaap aan boord die fluit *Nieuwpoort* vertoef. In Desember 1664 het hy aan boord die *Rijsende Son* uit Batavia geseil met die retroervloot wat van 11 Maart tot 22 April 1665 in Tafelbaai was.<sup>55</sup> Die hoogte van die berge is oordrewe, maar Schouten beskryf self die berg wat hy en die skip se timmerman op 1 April bestyg het met woorde soos dat dit lyk asof dit die lug ontmoet, daar is vreesaanjaende afgronde en dat die helfte van die berg se hoogte in die wolke verdwyn.**

(William Fehr-versameling, R. Raven-Hart, *Cape Good Hope 1652-1702 I*, pp. 50-51 & 86-91.)

<sup>51</sup> *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 18.07.1658, p. 343.

<sup>52</sup> *Uit die Raad van Justisie 1652-1672*, pp. 157-158; *Daghregister Jan van Riebeeck III*, 01.03.1660, p. 186.

<sup>53</sup> A.J. Böseseken, (red.), *Dagregister en Brieve van Zacharias Wagenaer, 1662-1664* (Pretoria, 1973), p. 168 (hierna *Dagregister en Brieve van Zacharias Wagenaer*).

<sup>54</sup> H.C.V. Leibbrandt, *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters dispatched from the Cape 1652-1662 III*, p. 157.

Drie maande ná Catharina se aankoms was sy nie op die eiland nie.<sup>56</sup> Op 29 Mei word “eenige banditen” na Robbeneiland geneem maar in Julie word sy in ’n brief van die opsiener, Jan Wouterssen, waarin hy die werkers se vermoëns beskryf, nie genoem nie.<sup>57</sup> Drie weke later het die kommandeur self die eiland besoek. Hy neem twee naamlose bandiete terug na die Kaap om met die landbou op die vasteland te help. Twee dienaars van die Kompanjie, een bandiet en ’n slavin [Eva] van Madagaskar word op die eiland agtergelaat. Daar was gevolglik slegs twee vroue op die eiland, die slavin Eva van Madagaskar en (die ander) Catharina van Bengale, die vrou van Jan Wouterssen.<sup>58</sup>

Geen dokumentêre bewyse kon gevind word dat Catharina te eniger tyd op Robbeneiland was nie. Inskrywings duï eerder daarop dat sy by die verversingspos self was.

### **Pieter Everaert en Hans Christoffel Snijman**

Afgesien van haar naam in monsterrolle, is niks van Catharina bekend tot sewe jaar ná haar aankoms nie. In die testament van die hoof van die garnisoen, Pieter Everaert (?-16.03.1664), bemaak hy die bedrag van 150 gulden aan die ongebore kind van Catharina, nou as “van Bengale” aangedui. Die testament is drie dae voor sy dood op 16 Maart 1664 opgestel. Die volgende dag is hy volgens “crijgsgebruikt” begrawe en na die graf begelei deur al die offisiere en skippers van die ses skepe in die baai.<sup>59</sup> Daar is geen aanduiding dat Catharina die stoet gevolg of enigsons by die begrafnis teenwoordig was nie.

Pieter Everaert van Cruijsaert het in November 1658 as korporaal op *De Harp* uit Batavia na die Kaap gekom nadat hy ’n tyd lank as VOC-soldaat in Indië deurgebring het. In Maart 1659 tydens die Khoi-oorlog het Jan van Riebeeck hom as sersant aangestel.<sup>60</sup> In Oktober 1660 het Everaert, as bevelvoerder, met tien soldate, twee Khoi-Khoi en Eva [Krotoa] met ’n wa en genoeg kos vir ses dae die fort verlaat om die binneland te gaan verken. Met ’n verdere ekspedisie het hy in 1662 die mond

<sup>55</sup> *Dagregister en Brieve van Zacharias Wagenaer, 1662-1664*, pp. 191, 196.

<sup>56</sup> Daar was twee betaalde amptenare, drie bandiete of bannelinge – Jasper Duijff (’n gevonnisde soldaat), Lourens Alberts (banneling) en Espiagniola (slaaf of voortvlugtige) – en die slavin Eva van Madagaskar. *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 29.05.1757.

<sup>57</sup> *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 29.05.1757 & 16.07.1757, pp. 133 & 145-146.

<sup>58</sup> *Daghregister Jan van Riebeeck II*, 06.08.1757, pp 151-152.

<sup>59</sup> *Dagregister en brieve van Zacharias Wagenaer 1662-1666*, 16 & 17.03.1664, p. 137.

<sup>60</sup> KAB, VC 39, vol. 2, Muster Rolls of the Officers and men at the Cape 1656-1699; A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad 1,1651-1669* (Kaapstad, 1957), p. 186 (hierna *Resolusies van die Politieke Raad*).

van die Olifantsrivier bereik. Net voor Jan van Riebeeck se vertrek is Everaert as wagmeester aangestel en in September van dieselfde jaar as vaandrig en hoof van die garnisoen.<sup>61</sup>

Everaert was 'n gesiene persoon. Van Riebeeck loof sy waaksamheid en dapperheid en volgens Zacharias Wagenaer (1614-1668) was hy 'n "bekwame" lid van die Politieke Raad.<sup>62</sup> Sy testamentêre erkenning van 'n verhouding met Catharina het haar aansien in die klein gemeenskap waarskynlik laat styg. In die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* word na Catharina as sy slaaf verwys, maar sy was natuurlik 'n slaaf (of banneling) van die Kompanjie. Gevolglik kon hy haar nie vrystel nie, hoewel hy haar wel kon vrygekoop het. Die kind sou ook 'n slaaf van die Kompanjie word en die geld wat hy aan dié bewillig het sou deur die Kompanjie beheer en bestee word. 'n Dogter, is iewers in 1664 gebore en op 6 September 1665 Petronella gedoopt.<sup>63</sup>

Omdat die name van slawe en burgers dikwels sorgvry gebruik is, asof almal sou weet van wie gepraat word, is dit moeilik om te bepaal of Catharina van Paliacatte, na wie teen hierdie tyd meestal as "van Bengale" verwys word, enige ander kinders voor Petronella gehad het. Uit haar geskiedenis is dit duidelik dat sy reeds in Batavia seksueel aktief was. Daar is geen aanduiding dat enige kinders haar na die Kaap vergesel het nie en ook geen inskrywings van kinders in die monsterrolle van 1658 of 1659 nie. Upham bespiegel dat sy moontlik 'n tweede kind op 6 September gedoop het, omdat hy nie enige ander slaaf met die naam Catharina in dié tydperk kan raakloop nie. Dit mag so wees, maar daar is geen verdere aanduiding van nog 'n seun, buite die ongebore Christoffel, in haar latere lewe nie – ook nie van Susan en Louis, wat onderskeidelik op 2 Oktober 1667 en 13 November 1667 gedoop is nie. Dit is onmoontlik om te bepaal of een of albei laasgenoemdes Catharina se kinders was, en omdat hulle binne ses weke van mekaar gedoop is, wil dit voorkom of daar wel meer as een Catharina, of Cathrijn, soos sy in die doopregister aangegee word, in die Kaap was.<sup>64</sup>

<sup>61</sup> C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV* (Pretoria, 1981); *Resolusies van die Politieke Raad, 1, 1651-1669*, p. 290.

<sup>62</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 1, 1651-1669*, pp. 280, 320.

<sup>63</sup> ABID, Stellenbosch, *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope ... 06.09.1665*, p. 2 (hierna *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope ...*)

<sup>64</sup> Daar was teen 1667 'n "klein" Catharijn, die dogter van Fransike, 'n slavin van die Kompanjie. K. Schoeman, *Early Slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717*, p. 152. Dit is in hierdie tyd, spesifiek in 1668, dat daar vir die eerste keer na Catharina as "Groote Catrijn" verwys word. Catharina Antoniza van Bengale, die vrou van Jan Wouterssen, was 'n vry vrou. In 1676 is 'n Catharina van Malabar met Cornelis Claasen getroud. H.F. Heese, *Groep sonder grense* (Pretoria, 2005), p. 100. Sake word bemoeilik omdat die doopmoeder spesifiek as 'n slaaf van die Kompanjie aangegee word. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope ... 02.10.1667* en *13.12.1667*, p. 4.

Hans Christoffel Snijman, die volgende gedokumenteerde man in Catharina se lewe, maak sy verskyning in die strafrekords van 1665 toe hy vir die eerste keer met die gereg gebots en beboet is.<sup>65</sup> Twee maande later het hy en negentien ander manskappe, nadat die oggendrol gelees is, na die duine digby die fort geloop omdat hulle nie langer handwerk wou doen nie en die werksomstandighede gevaarlik sou wees. Teen die aand het honger hulle teruggedryf, maar hulle verskonings is nie aanvaar nie. Hulle moes gestraf word sodat die kwaad nie verder sou versprei nie. Hulle sou twee-twee aan mekaar of aan kruibaens geketting word, waarna hulle vir drie maande sonder daggeld moes arbei.<sup>66</sup> In 1666 word hy as van “Hartsb.” en as soldaat in die monsterrolle opgeteken.<sup>67</sup> Om sake te bemoeilik, word ook die naam van ene Hans Christoffel Snijder “van Heydelberg sold[aat].” in dieselfde rol, saam met dié van Arnoldus Willemsz van Wesel aangedui.<sup>68</sup> Snijder en Snijman word as een en dieselfde persoon beskou, maar hierdie inskrywing skep onsekerheid of dit wel so was.<sup>69</sup> In al die ander dokumente word hy Snijman genoem. In Julie 1667 is hy weer in die hof nadat hy sy wagpos verlaat het om in die woonplek van Catharina te gaan slaap.<sup>70</sup> Hierdie keer sou hy twee jaar op Robbeneiland moes deurbring en twee maande se salaris verbeur. In 1668 word hy op Robbeneiland saam met vyftien ander “als gebannen” aangedui.<sup>71</sup> Omtrent ’n jaar later kom sy naam in ’n lys van nagmaalgangers, waaronder ook die name van Angela en Catharina, voor.<sup>72</sup>

Snijman se straf het Catharina nie daarvan weerhou om sosiaal met ander soldate te verkeer nie, en sy was klaarblyklik ’n gewilde persoon. Twee maande ná Snijman sy vonnis begin uitdien het, is twee van hulle, korporaal Cornelis van Benthum en adelbors Aurelius Probenius, gestraf omdat hulle op 19 Augustus saam met haar kaart gespeel en 80 riksdaalders van haar gewen het.<sup>73</sup> Hulle moes haar elkeen 25

<sup>65</sup> KAB, CJ. 1, no. 160. Saak van Hans Christoffel Snijman, 03.10.1665, p. 292.

<sup>66</sup> Hy word hier net Christoffel Snijman genoem. *Uit die Raad van Justisie, 1652-1672*, pp. 159-160.

<sup>67</sup> KAB. VC 39, Vol. 2. Muster Rolls ... 1656-1699, 15.05.1666, p. 66. Hertsberge in Wes-Vlaandere, vandag in Noordwes-België?

<sup>68</sup> Hulle was albei uit die hedendaagse Duitsland en kom voor onder ’n afdeling Enkhuisen, een van die ses kamers van die VOC. KAB. VC 39, Vol. 2. Muster Rolls ... 1656-1699, 15.05.1666, p. 77. Arnoldus Willemsz Basson sou later met Angela van Bengale, trou en die stamvader van die Bassons in Suid-Afrika word.

<sup>69</sup> M.G. Upham, In Hevige woede ..., p. 19.

<sup>70</sup> KAB. CJ. 1, deel 1. Crim and Civ. Cases, 30.07.1667, p. 292.

<sup>71</sup> KAB. VC 39, Vol. 2. Muster Rolls ... 1656-1699, 1668, p. 110.

<sup>72</sup> Upham gee die datum vir hierdie inskrywings as 1668/9. M.G. Upham, In Hevige woede ..., p. 20. Dié datum kon nie met sekerheid bepaal word nie. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ..., pp. 61-62. Die naam Anthoni gillesz van Bengale kom ook in die lys voor.

<sup>73</sup> KAB. CJ. 1, deel 1. Crim. En Civ. Regtsrolle, 05.09.1667, p. 377.

riksdaalders terugbetaal en verder “6 realen van 8en als per plackaat”.<sup>74</sup> Hoewel hulle ter verdediging aangevoer het dat sy hulle versoek het om te speel, is sy nie beboet of gestraf nie.<sup>75</sup> Omtrent ’n maand later is ’n plakkaat uitgevaardig waardeur die “skandelike” gebruik verbied is om met kaarte of op ander wyses in die hoeke en winkels van die fort te dobbel.<sup>76</sup> Of hierdie oortreding ook in haar kamer plaasgevind het, en waar sy die 80 riksdaalders vandaan gekry het, ’n bedrag wat sy dadelik aan die soldate kon betaal, word nie gesê nie.

Net voor of ná die geboorte van klein Christoffel het Catharina se naam weer in ’n hofsaak na vore gekom. Hierdie keer was sy aan die regte kant van die gereg. Die sekundus, Hendrik Lacus, is in 1668 van korruksie, bedrog en die ongeregtige verkryging en versteking van Kompanjieseidom aangekla. Verskeie persone het in die ondersoek getuig, onder andere die Vryswart Anthonie de Later van Japan. Hy het by Grae [Grande, met ander woorde Grote?] Catrijn, Marij (Maria) en Zara gehoor dat die ingenieur, Pieter Dombaer (†1677), ’n kassie met geld wat vroeër onder Lacus se tafel begrawe was, na Ceylon geneem het.<sup>77</sup> Lacus en sy familie het in die fort gewoon. Catharina en die ander twee vroue het gevvolglik die geleentheid gehad om die doen en late van die sekunde en sy familie te volg. Zara was die “huisvrou” van Louis van Bengale, ’n slaaf wat Lacus by Zacharias Wagenaer se dogter gekoop het en Marij moontlik Marij van Bali wat Wagenaer aan sersant Johannes Coon verkoop het.<sup>78</sup>

Uit bogenoemde hofsake begin dit deurskemer dat Catharina se woonplek binne die fort was. Nadat Wagenaer in 1663 reeds sy voorneme te kenne gegee het om die slawe uit die fort te verskuif, het hy die Here Sewentien op 19 April 1665 in kennis gestel dat hy hulle almal uit die fort verplaas het na ’n plek met ’n goeie dak en nabij water.<sup>79</sup> Sommige van die persoonlike slawe van die inwoners van die fort het agtergebley. Catharina van Paliacatte, hoewel nie ’n slaaf van enige van dié amptenare nie, was om een of ander rede een van hulle en dit kos ’n verdere hofsaak om nadere besonderhede van haar woonplek en werk te verkry.

Op 19 Augustus 1671 het Nicolaes Phlegel sy pos as skildwag voor die ingang na die Kommandeurswoning, die Kat genoem, verlaat en na die woonplek van ’n sekere

<sup>74</sup> Die straf was vasgestel in ’n plakkaat van 6/8 Desember 1658. Hulle was gelukkig om die res van die neergelegde straf, brood en water vir agt dae in die donker gat vry te spring. M.K. Jeffreys (red.) 1944. *Kaapse Argiefstukke Kaapse Plakkaatboek Deel I 1652-1707* (Kaapstad, 1944), p. 46 (hierna *Kaapse Plakkaatboek*).

<sup>75</sup> Maandag 5 September 1667. *Uit die Raad van Justisie 1652-167*, p. 178.


<sup>76</sup> Oktober 1667. *Kaapse Plakkaatboek I, 1652-1707*, p. 46.

<sup>77</sup> *Uit die Raad van Justisie 1652-1672*, pp. 203-204.

<sup>78</sup> A.J. Böseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658-1700* (Cape Town, 1977), p. 28.

<sup>79</sup> *Dagregister en Brieewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1664*, pp. 320, 350.

slaaf van die Kompanjie en waster,<sup>80</sup> Catharina van Bengale, binne die fort, onder die trap wat na die “wall” oploop, gegaan, die deur met “een groote steen toegedaen” en twee varsgebakte brode gevat wat daar op die tafel versteek gelê het en kort tevore deur ’n slaaf in die kombuis gesteel is. Dié “dubbeld gestolen goedt” het hy, nadat sy wagdiens verby was, met sy kamerade gedeel. Hy het ’n vrywillige skulderkenning afgelê en gestel dat hy dadelik ná die diefstal na sy pos teruggekeer het. Hy is gestraf tot twee dae op die houtperd, met gewigte van 5lb aan elke been. Daarna is hy vir vier maande na Robbeneiland verban sonder betaling om daar te werk en ’n boete



Figuur 8: Die Kaapse nedersetting ca. 1665. VOC = fort; A = terrein vir huise; B = Kabelstoor (eerste hospitaal); C = Tuinier se huis; D = Watermeul; E = Stalle; F = Steenoond; G = Hospitaal; H = Hospitaal; I = Ploeg- en wagebou; K = Smidswinkel; L = Barakke (lg 4 in voorhof) S = vryburgerhuise met Olifant-, Reiger en Steenstraat benoem; M & V = Kompanjie se tuin; W = Tuine van Vryburgers; a = Beeskraal.

(R. Raven-Hart, *Cape Good Hope 1652-1702*, Vol 1 (Cape Town, 1971), p. 81.)

<sup>80</sup> As wasser het Catharina moontlik vir die kommandeurs self gewerk. Mentzel gee omtrent sesig jaar later ’n lewendige beskrywing van die wasvroue en hulle werk. O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, Part 2* (Cape Town, 1925), p. 141.

van 1 maand se soldy opgelê.<sup>81</sup> Hoe Phlegel van die gesteelde brood in Catharina se kamer geweet het en hoekom dit daar agter slot en grenzel versteek was, het nie in die saak na vore gekom nie. Geen aanklag is teen haar ingebring nie – was sy met ander woorde nie by die diefstal betrokke nie?<sup>82</sup>

Op planne van die fort word slegs een oploop na die “wall” of muur aangetoon, hoewel daar kleiner trappe van die Kat af self kon gewees het. Die oploop was reg langs die poort en regoor die ingang na die kommandeur se woning in die Kat waar Phlegel wag gestaan het. Volgens die beskrywing was haar woonplek onder die opong. As Phlegel voor die Kat waggestaan het sou die brood voor sy neus van die kombuis by die westelike bolwerk, Olifant, na Catharina se kamer moes verby – moontlik het die reuk van die varsgebakte brood die slaaf se poging verklap. Verder vertel die gelewerde getuienis dat Catharina ’n “waster” of wasvrou was, moontlik vir die kommandeurs self en dat dit ’n rede kon wees waarom sy in die fort agtergebleb het toe Wagenaer die ander slawe daaruit verwyn het. (**Figuur 8 & 9**)

Dit kan ook wees dat Catharina steeds as ’n banneling geklassifiseer was, en daarom nie saam met die slawe gehuisves is nie. In 1671 het kommissaris Ijsbrand Goske (1626-1689), wat die Kaap van 1 tot 24 Februarie aangedoen het, net voor sy vertrek in ’n memorie aan kommandeur Pieter Hackius (?1600-1671) daarop aangedring dat gevangenes wat na die Kaap verban is, afsonderlik van slawe aangeteken moes word sodat hulle status nie deur opvolgende administrateurs verwar kon word nie.<sup>83</sup> Upham bespiegel dat Catharina en Christoffel Snyman teen 1669 moontlik volgens gemene reg, toe hy ook as ’n gemeentelid aangedui is, as man en vrou saamgewoon het,<sup>84</sup> maar twee jaar later was sy steeds in haar woonplek in die fort. Waar haar dogter, toe omtrent sewe jaar oud, en die driejarige Christoffel toe gebly het, word nie aangedui in die rekords, wat nooit na Christoffel Junior as ’n slaaf verwys nie.

Met haar huwelik het hulle die fort verlaat en as familie verenig. Dit was net betyds. Gedurende die winter het die poort van die binnefort, dit is die fort self, gedreig om in te stort en moes ondersteun word. Twee waghuisies op die punte van

<sup>81</sup> KAB. CJ. 1, deel 2. 26.08.1671, pp. 705-706. In die monsterrol van 1672 is sy naam, nou as Nicolaas Slegel, terug tussen dié van sy makkers in die fort. *Uit die Raad van Justisie, 1652-1672*, p. 370.

<sup>82</sup> Daar is ook geen aanduiding of die slaaf, as eerste dief, gestraf is nie.

<sup>83</sup> A.J. Böeseken, *Nederlandse Commissarissen aan de Kaap 1657-1700* ('s-Gravenhage, 1938), pp. 160-161; A.J. Böeseken, 1966. *Memoriën en instructien 1657-1699* (Kaapstad, 1966), pp. 111-113.

<sup>84</sup> M.G. Upham, *In Hevige woede ...*, p. 25. Daar is geen getuienis dat Snijman Senior ooit sy vaderskap erken het nie en dit mag moontlik wees dat hy nie die vader van Christoffel Junior was nie, maar dat Catharina so kon gedink (of besluit) het. Christoffel Junior behoort gevolglik as die seker stamvader van die Snymans, en ander families, beskou te word, eerder as Christoffel Senior,

die bolwerk het omgeval en die grondmure het die gevaar geloop om in hulle geheel deur die “gulsigh[e]” reën vernietig te word.<sup>85</sup>

### Kerstening, vryheid en Anthonie Janz van Bengale

Catharina was duidelik 'n bekende en sigbare persoonlikheid in die Kaapse Vlek. Toe sy daar aan wal gebring is, was sy een van slegs twaalf of dertien buitenlandse vroue in die nedersetting. Ses van hulle was getroud.<sup>86</sup> Soos haar verhouding met die hoogs respekteerde Pieter Everaert aandui, was sy nie net gewild by die gewone manskappe nie, terwyl uit latere hofsaake, toe daar meer vroue in en om die fort was, afgelei kan word dat sy verhoudings met een of meer soldate gehad het.

Hierdie onstandvastige lewenswyse het tot 'n einde gekom toe Catharina die Christelike geloof aanvaar het en saam met Angela op 29 April 1668 gedoop is.<sup>87</sup> In Junie is sy die getuie by die doop van Angela se seuntjie, Pieter. “Catrijn”, verduidelik die inskrywing, was 'n slaaf van die Kompanjie “doch Christen”. Later in die maand is sy ook getuie by die doop van Theuntje, die dogter van haar Vryswartvriende, Anthonie de Later van Japan en Annicke van Bengale.<sup>88</sup> Hier word sy vir die tweede keer in die rekords *Groote Catrina* genoem. Op 9 Maart 1669 laat Catharina haar seun Christoffel doop, met Angela wat as getuie optree.<sup>89</sup> Op 14 September 1670, twee dae nadat Anthonie Janz van Bengale gedoop is,<sup>90</sup> verskyn sy en Catharina se name tesame as getuenis by die doop van 'n dogter van Elizabeth van Bengale<sup>91</sup> en op 20 Desember 1671 tree Catharina in die huwelik met Anthonie.<sup>92</sup>

Dit wil voorkom, skryf Upham, of haar wetlike status so onduidelik geword het dat haar lewenslange verbanning oorgesien is.<sup>93</sup> Hy vind 'n leidraad vir die ongewone

<sup>85</sup> H.C.V. Leibbrandt, *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Journal 1671-1674 & 1676*, 13 & 14.07.1671, pp. 19-20.

<sup>86</sup> Hoewel die ander eienaars se slawe as vroulik aangedui word, gebeur dit nie in die geval van Jan Vetteman nie. H.C.V. Leibbrandt, *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters dispatched from the Cape 1652-1662 III*, p. 290.

<sup>87</sup> “Catharien”. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 29.04.1668, p. 4.

<sup>88</sup> *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 03.06.1668 & 25.06.1668, p. 4


<sup>89</sup> *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 09.03.1669. Die inskrywing is ná die een van 31 Maart gemaak. Daar word na “Een jongen van Groote Catrijn” en “Angila” verwys. Die eerste verwysing na Groote Catrijn kom voor in die hofsaak van Lacus.

<sup>90</sup> *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 12.09.1670, p. 5

<sup>91</sup> Anthoni en Catharyn. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 14.09.1670, p. 5. Op 7 April 1680 doop Anthonie se slaaf, Maria, 'n dogter. As getuies staan “swart(?) Catharina Antonii”. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 07.04.1680, p. 26.

<sup>92</sup> Hulle word aangegee as Anthoni de Later Jansen van Bengalen en Catharina van Bengalen. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope* ... 20.12.1671, p. 76.

<sup>93</sup> M.G. Upham, In hevegin woede..., p. 25.



**Figuur 9: Rekonstrusie van die Fort deur A.A. Telford.**

(E. Rosenthal, *300 Years of the Castle at Cape Town* (Stellenbosch, 1966), p. 6.)

gebeurtenis in die memorie van kommissaris Goske, asof dit direk met Catharina in gedagte geskryf sou gewees het. Hoekom dit so sou wees, bly onverklaarbaar, soos ook die direkte ingryping van goewerneur-generaal Maetsuyker. In 'n brief aan Batavia word op 6 Januarie 1672, sewentien dae ná die huwelik, verslag gedoen dat die (ongedateerde) opdragte wat van "UED:le" ontvang is, uitgevoer is: Catharina van Paliacatte is bevry van slawerny om met Anthonie de Later van Bengale in die huwelik te tree.<sup>94</sup> Die brief kan op meer as een wyse verstaan word.<sup>95</sup> Sy is vrygestel soos dit aan die Kaapse owerhede opgedra is en toestemming is gegee om in die huwelik bevestig te word met Anthonie, of, sy is vrygestel en toestemming gegee om met Anthonie in die huwelik te tree soos hulle beveel is. Beslissing hieroor word bemoeilik omdat Anthonie voor sy verskyning as dopeling 'n ongedokumenteerde

<sup>94</sup> KAB. C.1340, Politieke Raad: uitgaande briewe, 06.01.1672, p. 10 [11].

<sup>95</sup> Daar is aan "... Catherina van Paliakatta 1656 bij de hooge Regeringe tot Batavia van de doodt gepardonneert en voor eeuwigh in slavendienst aan de Caap gebannen hebben, op Ued:le ordenen vrijdom vergunt en van de slavernije onslaegen, mitsgaeders toegestaen, omme aan seker Vrije Zwart Anthonie de Later van Bengale te mogh trouwen, gelijk oock allereers daerop is gevolg." Omdat die huwelik 'n wetlike kontrak is en slawe nie kontrakte kon sluit nie, moes sy eers vrygestel word. H.F. Heese, *Reg en onreg. Kaapse regsspraak in die agtende eeu* (Bellville, 1994), p. 36.

verlede gehad het. Of hy ooit 'n slaaf aan die Kaap was, is onduidelik.<sup>96</sup> 'n Mens kan vra of hierdie opdrag saam met Goske gekom het? Hoekom sou die goewerneur-generaal 'n tweede keer, en weer tot haar voordeel, in Catharina se lewe ingryp? Was sy, wat in die Kaap so bekend was dat daar in verskeie rekords eenvoudig na haar as Catharina of Catrijn verwys word, ewe bekend in Batavia?

Op hierdie vroeë is daar nie antwoorde nie omdat dokumente nie spekulasie staaf nie. Louis van Bengale was 'n slaaf van Hendrik Lacus. Goske het hom verlof toegestaan om sy vryheid te koop. Dit het hy die volgende jaar tydens die besoek van kommissaris Arnout van Overbeecke (1632-1674) gedoen.<sup>97</sup> Die kommissarisse en die Raad in Batavia moes bewus gewees het van die rol wat slawe, waaronder Catharina, met die skuldigbevinding van Lacus gespeel het. Was haar vrywording gekoppel aan die getuienis wat Anthonie de Later van Japan afgelê het? Het Maetsuyker haar deur dié saak in herinnering geroep en onthou?<sup>98</sup>

### 'n Familie in Zeestraat

Catharina se getroude lewe het vastigheid in haar bestaan gebring, maar dit het nie beteken dat sy 'n sorgvrye tyd tegemoet gegaan het nie.

Drie maande voor sy huwelik het Anthonie 'n huis en erf by Jacob Cornelissen Rosendael gekoop. Dit was aan die einde van Zeestraat (vandag Strandstraat) en inlyn met waar Eerste Bergdwarsstraat (St. Georgesstraat) teen Heerestraat (Kasteelstraat) doodgeloop het met die "woeste land van die stert van Leeuwenbergh" na die noordekant daarvan. Die see was ooswaarts, Jacques Jacquelijn was sy suidelike buurman en weswaarts was onbehoude erwe na die Kompanjie se perdestal. Saam met dié grond het hy 100 skaap en nog 'n stukkie grond in Tafelvallei in die omgewing van die perdestal langs die tuin van Wouter Mostaert gekoop. Hy het 100 gulden (ƒ) betaal en 'n skuldbrief vir ƒ2 900 geteken. In die skuldbrief onderneem hy om Rosendael ƒ1 200 te betaal wanneer die tweede groep skepe uit Batavia in 1672 die

<sup>96</sup> Die naam Anthonie dui wel daarop dat sy oorspronklike naam verander is. Dit was een van die twee gewildste name vir slawe aan die Kaap. Die ander een was Jan. Hattingh bespiegel dat die twee name na die vertrek van die eerste kommandeur na hom kan verwys. J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, p. 7; Upham noem die moontlikheid dat hy 'n Mardyker was wat vrywillig na die Kaap gekom het. Teoreties sou hy dan reeds gedoop gewees het, en, sou die Raad in Batavia hierdie huwelik gereël het, sou ook hulle sorg gedra het dat hy 'n Christen was.

<sup>97</sup> *Resolusies van die Politieke Raad* 11, 1670-1680, p. 82.

<sup>98</sup> Hoewel Maetsuyker slawerny soos die meeste van sy tydgenote aanvaar het, het hy sekere Christelike vroeë oor die uitvoering daarvan gehad en sommige aspekte daarvan [in 1660] as "onaanvaarbaar vir God" beskou. P.M. Vink, Freedom and slavery: The Dutch Republic, the VOC world, and the debate over the "world's oldest trade", *South African Historical Journal*, no. 59, 2007, p. 38

rede verlaat het, en 'n tweede paaiement van f1 700 die volgende jaar wanneer die eerste retoervloot van Batavia 14 dae voor die rede lê.<sup>99</sup>

Die aankoms van besoekende skepe, veral dié op 'n terugtog van Batavia, was groot gebeurtenisse in die Kaap. Die seelui is in huise herberg gebied en ook van kos voorsien. Sluikhandel was ewe gewild. Graan, vleis en wyn is aan skeepslei verkoop en tabak, suiker en Europese drank is weer aan die inwoners van die hand gesit. Die verhoging van prys gedurende die besoek van die vlate moes ook plaasgevind het omdat 'n plakkaat dit spesifiek verbied.<sup>100</sup> Die besoek van die skepe was dus geleenthede vir Kaapse inwoners om 'n beter inkomste as gewoonlik te maak – of baie het minstens hulle hoop daarop gevëstig. Louis van Bengale wat hom in 1672 vrygekoop en later in Jonkershoek geboer het, het byvoorbeeld in 1683 beloof om sy skuld aan Andries Houwer oor die volgende twee jaar "voor oorlammentijt"<sup>101</sup> te betaal. Skepe het soms twee keer so lank van Europa na die Kaap as van Batavia daarheen geseil.<sup>102</sup> Hulle het die verversingspos met vele siekes bereik wat nog op pad na die ooste was. Aan die ander kant het terugkerende skeepsvolk uitgesien na die eerste plek waar hulle die lewe, na amper drie maande ter see, kon geniet. Hulle het gedurende die korter reis minder liggaamlike skade opgedoen en ook geld gehad. Hierop het Anthonie, en nou ook Catharina, staatgemaak.

Anthonie, "vrijeswart insgelijk borger alhier", was die eerste Vryswart wat eiendom aangekoop het.<sup>103</sup> Hattingh lei uit die aard van die beloftes in die skuldbrief af dat Anthonie 'n tapnering bedryf het, 'n plek waar drank in klein maat aan matrose

<sup>99</sup> KAB. CTD. 5, Transporten en Schepenenkennis, 1671-1672, Transport T116, 04.09.1671, pp. 64-69 en sy skuldbrief, pp. 67-69; J.L. Hattingh, Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word (II). Die tweede dekade – 1671-1680. *Kronos* 15, 1989, p. 16.

<sup>100</sup> *Kaapse Plakkaatboek* 1, p. 50 (7/9.02.1659), p. 105 (3/1.09.1668) en pp. 127-128 (30.12.1675/18.01.1676).

<sup>101</sup> "Oorlamme" is as term gebruik vir mense wat jarig in die Ooste deurgebring het of dit op meer as een geleenthed besoek het. Nuwelinge is "Baaren" genoem. Van die Maleis, *orang lamu* (mens van lank gelede) en *orang baru* (nuwe mens). C. Kruyckamp, *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse taal* (1976). Gevolglik "oorlams" en "baar" in Afrikaans.

<sup>102</sup> In die laaste vyftig jaar van die 17<sup>de</sup> eeu het die reistyd tussen Nederland en die Kaap omrent 130-160 dae geduur, en van Batavia na die Kaap minder as 90 dae. Die *Prins Willim* waarmee Catharina na die Kaap gekom het, het 80 dae geneem om dit te bereik. Na 15 dae in die baai het dit 130 dae tot in Zeeland geneem. Soms het dié tog 'n maand langer geduur. J.R. Bruijn, F.S. Gaastra & I. Schöffer, *Dutch-Asiatic shipping in the 17th and 18th centuries* (The Hague, 1987), p. 67.

<sup>103</sup> Sy en Catharina se vriend, Anthonie de Later van Japan, was die eerste Vryswarte wat grond bekom het toe Wagenaer op 28 September 1666 'n erf in die omgewing van Zeestraat aan hom gegee het. Sy naam is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hy Wagenaer in 1656-1559 op meer as een tog na Japan vergesel het en 'n tyd daar woonagtig was. O.H. Spohr, *Zacharias Wagner second commander of the Cape* (Cape Town, 1967), pp. 83-84. Die grondtoekenning was nie behoorlik geregistreer nie, en die eerste geregistreerde eiendom van 'n Vryswart was dié van Angela van Bengale op 25 Februarie 1667. J.L. Hattingh, *Grondbesit in Tafelvallei. Deel 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652-1710*, *Kronos* 10, 1985, pp. 34-36.

verskaf is. Rosendael, by wie Anthonie die eiendomme gekoop het, het reeds in 1665 vergunning verkry om wyn in 'n taphuis te verhandel.<sup>104</sup> Die afleiding word ondersteun deur 'n ooreenkoms tussen Anthonie en Willem van Dieden in 1681 waarvolgens Anthonie slegs by Van Dieden brandewyn of "gedistilleerde water" sou aankoop.<sup>105</sup> In 1670 het kommissaris Mattheus van den Brouck (1620-1685) opgemerk dat "een ijder alhier bij naар in't geheel (immers ten principale) de ploegh verlaeten en met groote inclinatieaengenomen hadde de tapneringe" en dat die kroeë tot agtien of twintig aangegroei het. Die aantal is beperk, maar dit het nie beteken dat van die vryliede sonder toestemming, en in samewerking met die gelisensieerde drankverkopers, met die verkoop van drank aangehou het nie.<sup>106</sup> In 1673 is die reg om drank te verkoop aan slegs vier persone toegeken, waaronder Van Dieden, en dit was eers in 1680 dat kommissaris Sibrand Abbema (1637-1684) die reg vir almal oopgestel het.<sup>107</sup> Dit is hierna dat die ooreenkoms met Van Dieden aangegaan is en kan beteken dat Anthonie toe eers die wettige drankhandel betree het. Anthonie se naam kom nie voor in die lys van tappers wat deur De Wet<sup>108</sup> tussen 1657 en 1707 in bronre oopgespoor is nie. Hy kon egter op 'n ander wyse by die handel gebaat het. Pagters is toegelaat om drie bytappers aan te stel om drank in groot en klein maat te verkoop.<sup>109</sup>

Herbergiers en tappers het goeie winste gemaak en was geldelik van die mees vooruitstrewende burgers.<sup>110</sup> Hoewel pryse vasgestel was, het besoekers soos Volquardt Iversen dit as uitsonderlik hoog beskou. Brandewyn, skryf hy in 1667, was twee keer so duur as in Holstein. Spaanse wyn het een riksdaalder gekos en die Franse ekwivalent 12 stuivers of meer.<sup>111</sup> Smokkelhandel het voortgegaan ten spyte van plakkate wat dit, en veral die voorsiening van drank aan slawe, verbied het.<sup>112</sup> Hierby kon ook Anthonie, soos andere, reeds vroeër betrokke gewees het.

Die verkopery is, minstens na 1681, waarskynlik in Zeestraat bedryf, terwyl die familie op die ander tuinerf gewoon het waar Jochem Ringel een van die bure

<sup>104</sup> G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (Kaapstad, 1981), p. 50.

<sup>105</sup> Aktekantoor, Kaapstad. Transporten en Schepenkennissen, 1680-1681, Ooreenkoms tussen Willem van Dieden en Antonij van Bengale, 03.02.1681, s.p.

<sup>106</sup> A.J. Böeseken, *Memoriën en instructien 1657-1699*, pp. 111-113 (14.03.1670); *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670-1680*, pp. 25-27 (4/5.03.1670); G.J. Krause, *Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die NOIK aan die Kaap* (MA.-verhandeling: UOVS, 1955), p. 34.

<sup>107</sup> *Kaapse Plakkaatboek I, 1652-1707*, p. 124; (01.12.1673); *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670-1680*, 08.03.1680, p. 317.

<sup>108</sup> G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707*, pp. 50-52. Dit kan wees dat die taphuis, wat deur Anthonie bedryf is, in die naam van Van Dieden was.

<sup>109</sup> *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670-1680*, 03.05.1680, p. 329.

<sup>110</sup> *Resolusies van die Politieke Raad I, 1651-1669*, 03.08.1665, pp. 331-332.

<sup>111</sup> R. Raven-Hart, *Cape Good Hope 1652-1702* (Cape Town, 1971), pp. 102-103.

<sup>112</sup> *Kaapse Plakkaatboek I, 1652-1707*, 11/12.12.1669, pp. 107-108; G.J. Krause, *Drankpagte gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die NOIK aan die Kaap*, 09.12.1699, pp. 40-41.

was. Dié stuk grond waarop groente en vrugte gekweek kon word, was inlyn met die hedendaagse Burgstraat en net noordwes van die Kompaniestuin.<sup>113</sup>

Hoewel dit aan die begin nie te goed gegaan het nie – Anthonie moes in 1671 reeds vir uitstel van sy terugbetaling vra – het hulle omstandighede later verbeter. Teen 1676 werk drie slawe vir hom. Hy het Maria van die Kus van Malabar in April 1676 by Jan Jacobsz Slooper vir 35 riksdaalders gekoop en Baddou van Bali is in November van dieselfde jaar deur goewerneur Joan Bax (*ca.* 1637-1678) vir die gebruik van Anthonie, aan St. Martin verkoop. In Augustus 1678 koop hy Paul [van Malabar] van Bax se weduwee, Aletta van Hinloopen, vir 100 riksdaalders. Twaalf dae later erken hy skuld van f300 aan haar vir die aankoop van Paul. Hy onderneem om sy skuld in 1679 terug te betaal, weer eens wanneer die eerste retroervloot die rede sou verlaat.<sup>114</sup>

Omdat die getroude Catharina buite die vesting en hart van die nedersetting haar lewe gelei het, is min verdere besonderhede oor haar daaglikse lewe bekend. In 1677 word sy in die lidmaatregister van die kerk eenvoudig as die huisvrou van Anthonie van Bengale aangegee.<sup>115</sup> Sy sou seker ook in die herberg in Zeestraat skuins oorkant die eiendom van Angela van Bengale uitgehelp het. Haar en die kinders se ander taak was om die helfte van die straat voor hulle woning op hulle eie koste skoon en in stand te hou. Sou hulle in gebreke bly om dit te doen, kon die erf verbeur word.<sup>116</sup> En soos Angela, sou sy betrokke gewees het by die bewerking van die tuine en boorde. Uit wat van Anthonie se doen en late afgelei kan word, was hierdie nie 'n vooruitstrewende tyd vir die klein familie nie en daar is slegs een gedokumenteerde geleenthed waar iets van haar omstandighede en persoonlikheid gelees kan word.

In 1674 het Anthonie 'n siviele saak aanhangig gemaak omdat een van sy eende in die straat doodgesteek is. Die trompetter, Adriaan Saxtisen, was 'n ooggetuie van die voorval "ongeveer ses (sic) weke gelede ..." Hy was aan huis van Anthonie toe kinders (Petronella en Cristoffel?) ingestorm het met die nuus dat 'n eend buite rondwaggel met 'n mes in die rug. Toe Adriaan buite kom, was die mes in die hand van Dirck, seun van Anthonie en Catharina se buurman, Jochem Ringel. Bloed het

<sup>113</sup> Groente en vrugte kon natuurlik ook aan die skepe van die vlote gelewer word en verder is dit moontlik dat Anthonie ook by vissery betrokke was soos sy en Catharina se vriend, Anthonie de Later van Japan hoewel geen vissersgerei in sy inventaris aangeteken is nie.

<sup>114</sup> J.L. Hattingh, Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word (II), Die tweede dekade (1671-1680), p. 35; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658-1700*, pp. 132, 136.

<sup>115</sup> *Kerkboek van de Caap van Goede Hope ... 1677*, p. 65.

<sup>116</sup> J.L. Hattingh, Grondbesit in Tafelvallei. Deel 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652-1710, p. 46.

van die lem gedrup. Toe Anthonie se vrou hom vra hoekom hy die eend doodgemaak het, het Ringel homself verdedig deur te sê dat, terwyl hy besig was om visse skoon te maak, Anthonie se eende sy tuin binnegekom en die vis probeer steel het. Catharina het hierop aan Dirck se ma, Annetje Reiners, gesê dat sy nie tevrede was nie en betaling vir die verlies wil hê.<sup>117</sup> Ringel is tot een maand openbare diens gevonnis. Hy moes ook Anthonie vir die eend vergoed en die koste van die hofsaak betaal.<sup>118</sup>

Teenspoed het skynbaar nie Anthonie van Bengale se optimisme en selfvertroue gedemp nie. In 1675 is nog 'n stuk grond in Bergdwarsstraat aan hom toegeken en in 1676 is 'n verdere groot stuk tuingrond inleen aan hom toege wys.<sup>119</sup> 1679 en 1680 was moeilike jare. In Maart 1679 is hy deur Jakje van Angola (Jackie Joy) vir skuld van 93 riksdaalders gedagvaar.<sup>120</sup> Die volgende maand is sy slaaf Paul[us] van Malabar lyfstraf opgelê en is hy gebrandmerk omdat hy 'n slavin van die Kompanjie, Calahowa van Madagaskar, vir drie dae in sy kamer versteek het.<sup>121</sup> Anthonie sou die koste moes betaal. In Junie is hy nogmaals gedagvaar vir die bedrag van f222 wat hy van Manuel van Bengale geleent het. 'n Jaar later is hy daarvan aangekla dat hy gejag het, hoewel die jagseisoen reeds tot 'n einde gekom het. Sy honde het 'n steenbokkie doodgebyt en hy moes 25 riksdaalders as boete betaal.<sup>122</sup> Slegs drie weke later het hy weer die wet oortree en is hy en ander Vryburgers daarvan beskuldig dat hulle sonder 'n permit hout gekap het.<sup>123</sup>

Die oortredings was moontlik pogings om sy geldelike omstandighede te verbeter en sy onvermoë om werklik op die been te kom, noop hom vroeg in 1680 om aansoek te doen om met sy familie na Batavia te mog terugkeer. Kommissaris Abbema het die aansoek goedgekeur – ten spyte daarvan dat Catharina 24 jaar tevore lewenslank uit Batavia verban is – nadat hy deur die Politieke Raad meegeedeel is dat Anthonie “ten opsigte d' E.Compe. maar tot laste streckt en voor d' gemeene borgerij

<sup>117</sup> Annetje Reiners moes voor 1679 gesterf het. In daardie jaar word Jochem Ringel se vrou as Anne Groewout aangegee, steeds met drie kinders. KAB. VC.39 Muster rolls Vol. II, p. 62.

<sup>118</sup> KAB. CJ .2. Civil Case, Anthoni van Bengale vs Dirck Ringel, 01.08.1674, p. 9; CTD 6, Transporten en Schepenenkennissen 1673-1674, 01.08.1674, p. 159. In 1673 is albei die families, Ringel met drie kinders en Van Bengale met twee, in die Monsterrol aangegee. KAB. VC 39, deel 1. Muster rolls of Freemen at the Cape 1673, p. 49.

<sup>119</sup> J.L. Hattingh, Grondbesit in Tafelvallei. Deel 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, pp. 33, 42, 45.

<sup>120</sup> KAB. CJ .2, Regsrolle en notule Crim. En Civ. 22.03.1679, p. 88. Anthonie word “vrij borger” genoem.

<sup>121</sup> KAB. CJ .2, Regsrolle en notule Crim. En Civ. 12.04.1679, p. 90. Anthonie word 'n "vrijswartie borger" genoem.

<sup>122</sup> KAB. CJ .2, Regsrolle en notule Crim. En Civ. 13.06.1680, p. 113. Anthonie word 'n "swarten vrijborger" genoem.

<sup>123</sup> Hulle word “Swart Antoni” en “Swarten Evert” genoem. KAB. CJ 2, Regsrolle en notule Crim. En Civ. Cases, 03.06.1680, p. 114.

gans onnut en oock om verscheyde wichtige redenen alhier geentsints noodigh” is. Hierdie kras oordeel strook nie met die verskeie vroeëre toekennings van grond aan Anthonie nie en is vermoedelik gekleur deur die reeks eise en sake waarby hy kort tevore betrokke was.<sup>124</sup>

Hulle omstandighede moes hierna verbeter het want die familie het in die Kaap aangebly. In 1681 gaan hy die ooreenkoms met Van Dieden aan en op 7 Februarie 1682 gaan hy ’n verdere ooreenkoms aan om die grond van Andries Houwer te bewerk asof dit sy eie was. Hiervoor sou hy Houwer in 1683 130 Riksdaalders betaal.<sup>125</sup>

### Vier begrafnisse en ’n huwelik

Teen die einde van 1682, 26 jaar nadat sy in die Kaap aangekom het, verdwyn Catharina van Paliacatte van die historiese toneel net soos sy in Batavia daarop verskyn het – sonder enige gedokumenteerde vermelding. Sy was toe omtrent vyftig jaar oud.

Uit die karige gegewens wat wel oor haar man se boedel en lede van haar familie handel, kan ’n vae rekonstruksie van haar laaste dae aangepak word. In die monsterrolle verskyn haar naam en dié van Anthonie en hulle twee kinders in 1682 vir die laaste maal. Op 13 Desember is sy teenwoordig by die doop van haar buiteegtelike kleinkind: Petronella, dogter van Willem Jansen, korporaal, en Petronella, voordogter van Antony van Bengale. “Cattarin Wassermaker” is daar as getuie.<sup>126</sup>

Anthonie was afwesig en waarskynlik reeds oorlede. Vier dae na die doop is sy inventaris opgestel.<sup>127</sup> Beide Catharina en haar dogter het verder voor 3 Februarie 1683 gesterf, of Catharina was te swak om na haar kleindogter om te sien. Vanaf dié datum is daar verskeie erkennings van geld wat van die weeskamer ontvang is vir “cossgelt sij behoewes” van Petronella se kind. Dit is onderteken met die merk (x) van Caterine. Hierdie Caterine was egter nie Catharina van Paliacatte nie, maar ene “Catarina geboren aan de Caap de boa Esperance”. Sy is later op 21 Maart in die huwelik bevestig met “Andries Baick [Baijer] jonghman baas wagenmaker van de Ed. Comp.”<sup>128</sup>

<sup>124</sup> Twee weke vroeër het Jochem Ringel ’n soortgelyke versoek gerig, omdat hy as slotemaker nie die mas kon opkom nie. Hy word ook as ’n las vir die Kompanjie en onnuttig vir die gemeenskap beskryf. *Resolusies van die Politieke Raad 2 1670-1680*, 02.03.1680, p. 316 & 15.03.1680, pp. 324.

<sup>125</sup> KAB. MOOC.14/212. Estate Papers Anthoni, los versameling dokumente in omslag, in ongeordende en ongenommerde versameling. Hierop kom ook Anthonie se handtekening voor. Dit bestaan uit die hoofletters A en ’n regsoorhellende B wat onder aaneengeskakel is om ’n V tussen hulle te vorm.

<sup>126</sup> *Kerkboek van de Caap van Goede Hope ...* 13.12.1682, p. 28.

<sup>127</sup> KAB. MOOC 22/2. Verkoopskedisules van verskeie boedels, 17.12.1682, ongenommer.

<sup>128</sup> Andries Baijer [Beijers] het vroeg op 12 Februarie 1672 uit Sakse aan boord die *Wapen van der Gouw* (moet wees *Gouda*) in die Kaap aangekom. KAB. Raad van Justisie, CJ. 282, no. 436, Saak van Pieter

Daar was verdere betalings vir dieselfde taak aan Catarina Beijers op 16 Maart en aan Andries op 6 Mei en weer op 13 Junie (agterop genommer as 9) “voor de alimenteren van’t kint van Petronella van Bengale voor de tijt van een maant”, nadat Lijsbet van Angola die ontvangs van f9 van Roelof Backer<sup>129</sup> van die weeskamer erken het vir die oppas van die kleindogter van Anthonie op 30 April. Op 6 Mei 1683 is daar ook ’n erkenning van die ontvangs van 130 riksdaalders deur Andries Houwer volgens die obligasie van Anthonie. Daar is ook ’n opdrag aan die “Cassier” om die betaling uit Anthonie Janssen van Bengale se boedel aan Houwer te maak (1 Mei 1663, agterop genommer 12) en ’n verdere skrywe van Jan Babtist op 6 Mei dat die geld wel aan Houwer betaal is.<sup>130</sup> Geen melding word van sy skuld aan Aletta van Hinlopen gemaak nie.<sup>131</sup>

Op 16 April 1683 is ’n notisie van uitgawes uit die boedel van Anthonie van Bengale deur die geregsbode, Godfried Meijhuijsen, opgestel. Twee begrafnisse word aangedui. Suiker, kerse, asyn, olie, botter en eiers is gekoop, bier, brandewyn, wyn asook paggeld vir wyn is betaal, tabak is aan die draers voorsien. “Baas douw” het twee grafte gegravee en f12 is vir die “anspreeken van twee begravfenissen” afgetrek.<sup>132</sup> Aan Mons[ieur] Diemer en Guilliam [H]Eems is stryk geld<sup>133</sup> betaal. Verder was daar onkoste verbonde aan die aankoop van chintz, mouris,<sup>134</sup> wit lint, garing, een paar skoene (vir Christoffel?) en die maak van kindergoed (vir klein Petronella?).<sup>135</sup>

---

Denijn, 17.02.1672, 27-29; <http://www.vocsite.nl/schepen/lijst.html>. Hy is op 21.03.1683 met Catarijna (sic) getroud. Hulle dogter, Marritie, is op 19 Desember 1683 gedooop. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope ...* 21.03.1683, p. 83 & 19.12.1683, p. 28. Roelof Backer is pas, op 31 Desember 1682, as assistent van die weesmeester aangestel.

<sup>129</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 3, 1681-1707*, 31.12.1682, p. 59.

<sup>130</sup> Jan Babtist Dubertin het in 1680 met die retroerskip *Sumatra* uit Ceylon [Sri Lanka] in die Kaap aangekom. Hy is op 31 Augustus 1682 as een van die kommissarisse van klein sake aangestel. *Resolusies van die Politieke Raad 3, 1681-1707*, 31.08.1682, p. 47.

<sup>131</sup> Hattingh skryf dat die ooreenkoms met Van Hinlopen nooit gekanselleer is nie, wat beteken dat die skuld nie betaal is nie. J.L. Hattingh, Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word (II). Die tweede dekade (1671-1680), p. 16.

<sup>132</sup> Aansprekers het familie en vriende van die dood en begrafnis van ’n persoon ingelig en was verder met die bediening van ’n begrafnis belas. C. Kruyskamp, *Van Dale Groot woordenboek der Nederlandse taal* (1976).

<sup>133</sup> Dit wil sê dat hulle tydens die vendusie prys opgejaag het tydens die *opslag* of voorafbieëry en nie noodwendig van plan was om goedere te koop in die opvolgende *aflat* of afwaartse bieëry nie. Strykgeld was die bonus vir hierdie dienste. C. Kruyskamp, *Van Dale Groot woordenboek der Nederlandse taal* (1976).

<sup>134</sup> Chints was oorspronklik die naam vir stukke gedrukte kalico of katoen van Indië; *mouris* was stukke blou katoenstof.

<sup>135</sup> KAB. MOOC 22/2 Los en ongenommerde versameling dokumente waaronder eise teen die boedel van Anthonie van Bengale.

Die volgende afleidings kan uit hierdie onvolledige versameling inskrywings gemaak word.<sup>136</sup> Anthonie van Bengale is voor 17 Desember 1682 oorlede. Omdat die gewone maandelikse bedrag van 4 riksdaalders reeds op 3 Februarie 1683 aan Catarina Beijers betaal is, is Petronella waarskynlik teen die einde van 1682 of vroeg in Januarie 1683 oorlede. Omdat sy andersins self vir haar kleinkind sou sorg en omdat Anthonie se boedel afgehandel is, sonder dat Catharina as erfgenaam genoem word, moes ook sy tussen Desember en Januarie gesterf het. Wat die oorsaak van dié skielike sterftes was kan nie verklaar word nie en slegs die dertienjarige Christoffel het die familietragedie oorleef. Hy noem homself later die universele erfgenaam van sy vader, Anthonie van Bengale.<sup>137</sup>

Terwyl die notisie 'n beeld van die algemene destydse begrafnisgebruiken skep, bied die inventaris insig in die lewe van Anthonie, Catharina en hulle kinders. Hulle het waarskynlik 'n eenvoudige lewe geleid met die huise, bewerkte tuin en 45 skape hulle waardevolste besittings. Dié eiendom is deur Abram (sic) Hertoogh gekoop en hy sou sy skuld, soos die gebruik was, in paaimeente afbetaal na die vertrek van die retroervlote in 1683, 1684 en 1685.<sup>138</sup> Die vaandraer het Paul van Malabar vir f320 bekom en Gerrit Victor twee perde vir 13½ riksdaalders, omtrent f40. Een van die duurder items was 'n kis wat vir f116 deur Juff. Mostert aangeskaf is. Uit die besittings wil dit voorkom asof Anthonie wel by die drankhandel betrokke was en minstens agt persone wat toe of later by dié bedryf betrokke was, het aankope gemaak, meestal van ysterpotte.<sup>139</sup> Daar was ook vier vate. Apparaat, soos 'n koperketel met deksel, 'n koper beker, tinkomme en verskeie tinskottels het goeie pryse, in vergelyking met ander ware gehaal. Twee katels, 'n bed en 'n swart ledekant is van die hand gesit, laasgenoemde aan Henning Huisung. Ander goedere het roosters, skuimspane, 3 treeften (driepote), 'n asskop, vysel en stamper, emmers, verskeie pannetjies, skottels, meestal van tin, maar ook twee van porselein, ingesluit. Daar was 'n koperkandelaar, 12 borde, 23 pierings en "partij copjes glaesjen". Die ware wat verkoop is, dui op 'n

<sup>136</sup> Die genommerde erkennings is onvolledig en dui daarop dat daar verderes moes gewees het.

<sup>137</sup> Hierdie erkenning het lank die gevolg gehad dat Christoffel as die biologiese seun van Anthonie van Bengale bekhou is. Kyk byvoorbeeld: H.F. Heese, *Groep sonder grense*, (2005), p. 40; K. Schoeman, *Armosyn van die Kaap, die lewe van 'n slavin, 1652-1733* (Kaapstad, 2001), p. 629. Petronella het wel haar stiefvader se van aangeneem.

<sup>138</sup> In die dokument word dit as na die vertrek van die *oorlammer* aangeteken. Hartogh (\*ca. 1644) was 'n Jood van Frankfurt-am-Main wat in 1678 die Christelike geloof aangeneem het en gedoopt is. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope ... 23 & 25.12.1678*, pp. 24 & 66. Hy was met 'n weduwee, Maria Bellardi, getroud. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hope ... 20.06.1883*, p. 83; L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (Kaapstad, 1970), pp. 42-43.

<sup>139</sup> Hulle was Jan Dirckse de Beer, Elbert Diemer, Guilliam Heems, Godfried Meijhuysen, Hendrik Mülder, Hendrik Evertse Smit, Cornelis 1657-1707, pp. 50-52.

lewe met net die noodsaklike eerder as een waarin die weelderige versamel is.

Maar, net so kleurvol soos haar persoonlikheid was Catharina en haar familie se klere. Daar was 'n rok van silwer stof, 'n rooi rok, een satyn pak klere, wat deur Angela van Bengale se man gekoop is, en een rooi armosynpak, hemprokke, verskeie kabaaike, onderklere en 'n “rejgleyf” (rijglijf of korset), 'n wit onderkleed, voorskoot en lang vrouekleed wat deur Juff. Berg (sic) gekoop is.<sup>140</sup> Sy het ook twee goue oorringsetjies gekoop wat saam met goue en silwer knopies en 6 ringe van goud, silwer en koper gelys is, terwyl Oloff Bergh f30 vir 'n paar geborduurde “muilen” (pantoffels of slippers) en twee sluiers betaal het.

Twee boeke, 'n klompie klein skilderytjies en 'n spieëltjie het ook van eienaar verwissel. Willem den Decker het die ticktackbort<sup>141</sup> gekoop, ds. Johannes Overney 'n dosie met “lapjes en guirlande” en, afgesien van 'n houtkassie, die hemprokke en 'n doek, het Andries Houwer een van die verskeie lotte “rommelinnck” syne gemaak.

Die inventaris is onderteken deur Elbert Diemer, kommissaris van die hof van klein sake, Godfried Meijhuijsen, Philip Theodoor Welcker, soldyboekhouer en weesmeester sedert die einde van 1681 en Simon van der Stel. Meijhuijsen het self aankope op die veiling gedoen. Hy koop 'n katel en twee gespes, die duurste koper ketel en twee koper dooppanne. Hy was slagtereed om sy taak as vryburger en pagter van brandewyn, arak en gedistilleerde water aan te pak.<sup>142</sup> Van die ondertekenaars het ook Diemer en Welcker aankope gemaak en die agtienjarige Willem Adriaan van der Stel het self suksesvol gebie op 14 silwer knopies en 'n bondeltjie gare.

Verskeie vrae word nie deur die notisie en die inventaris beantwoord nie. Waarom was daar net twee begrafnisse? Was die een van Catharina en Petronella 'n dubbele begrafnis? Watter rol het Willem Jansen in die lewe van sy dogter na Petronella se dood gespeel?<sup>143</sup> Dit kom nie voor asof hy verantwoordelikheid vir haar onderhoud of vir die begrafnisse van ma en dogter aanvaar het nie, want op 28 September 1683 het

<sup>140</sup> Dit was Anna de Coningh en Oloff Bergh het vir haar aankope betaal volgens die lys, “Verkoping van de goedere bij den vryborger Anthony van Bengalen, gehouden bij de sterfhuijse van de voorn. Borger...” KAB. MOOC 22/2. Verkoopskedules van verskeie boedels, ongenommer.

<sup>141</sup> Triktrak <Frans =*trique-traque*, na aanleiding van die kletterklanke van dobbelstene en speelstukke, kan moontlik na 2 600vAE teruggevoer word. Dit was reeds in die 17<sup>de</sup> eeu gewild aan die Kaap. Daar kon ook oor die uitslag gedobbel word. Dit is ook verkeerbord genoem en *backgammon* is 'n Engelse variasie van die spel. A. Bailey, Kaapse binneshuise speletjies 1652-1806, *Navor sing Nasionale Kultuurhistoriese Museum* 2(2), pp. 58-62.

<sup>142</sup> Meijhuijsen was teen 1691 'n vryburger en pagter. *Resolusies van die Politieke Raad* 11, 1681-1707, p. 249 (31.12.1691). In 1697 is hy verhoor en gevonnis vir die moord op 'n slaaf. KAB. CJ 3. Register van Criminele en Siviele Rolle, p. 8, Saterdag 03.04.1697.

<sup>143</sup> Volgens die webwerf, <http://www.e-family.co.za/ffy/p1944.htm> (Januarie 2011), was Willem Jansen (ca. 1654-ca.1695) ook as Weerelt bekend. Hy is op 9 September 1685 met Annetje Jansz Louw (Anna Pieters in die inskrywing), dogter van Jan Pietersz Louw, getroud. Hy is voor 25.01.1696 oorlede

Simon van der Stel self opdrag gegee dat “twee commetjes swartsel” uit die boedel van Anthonie vir die voorbereiding van ’n doodskis betaal moes word. Dié kissie moes vir Petronella Jansen gewees het.<sup>144</sup>

Waar was Christoffel en sy peetma, Angela van Bengale? Haar man, skoonseun en dogter het die veiling bygewoon en artikels, almal van persoonlike aard, gekoop. Sou Angela Christoffel van die verkoping weggehou het en begin het om na hom om te sien soos sy waarskynlik later wel gedoen het? Haar en Arnoldus Basson se sukses as boere wat hulle van die grootste grondbesitters in Drakenstein gemaak het, en haar eie persoonlikheid wat Abraham Gabbema bekoor het, kon tot die aanvaarding van haar peetkind as die eggenoot van Marguerite de Savoye gelei het. Christoffel Snyman het ook die plaas Zandvliet (nou Delta) naby Basson se plase, Meerrust en Eenzaamheid (vandag saam as Meerlust bekend), bekom. Volgens sy swierig netjiese handtekening in 1691, toe hy omtrent 23 jaar oud was, was hy beter geletterd as baie van sy tydgenote. Geld is spesifieker uit Anthonie se boedel voorgeskiet sodat sy “nagelatine weese, Christoffel” lesse in “lesin, schrijven en te leeren” kon bekom.<sup>145</sup> Maar dit is ’n ander verhaal.

Die boedel het f2 608 : 9 : 12 beloop. Hoewel hierdie bedrag nie op groot rykdom dui nie, het Christoffel goed daarvan gebruik gemaak, eerstens deur ’n ordentlike opvoeding en tweedens om homself as boer in die Drakenstein te vestig. Deur hom en sy kinders sou Catharina van Paliacatte een van die eerste en belangrikste stammoeders van verskeie Suid-Afrikaanse families word. Sy het werklik gekom om deur haar seun en sy nageslag vir “eeuwig” aan die Kaap te vertoef.

---

<sup>144</sup> toe sy weer met Hendrik Hendriksz Elberts getroud is. Sy het geen nageslag agtergelaat nie. In die *Resolusies van die Politieke Raad 4*, p. 286, kom hy as Willem van de Waereld en ook van de Werelt voor. In Adam Tas se dagboek word na hom as W.J. de Werdel verwys. L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706*, (1970), p. 99.

<sup>145</sup> KAB. MOOC 22/2, los velletjie agterop genummer 6. Hoewel die datum moeilik leesbaar is, is dit moontlik ook die laaste datum waarop ’n betaling aan Catarina Beijers gemaak is, los velletjie agterop genummer 7.

<sup>145</sup> KAB. MOOC 22/2, los ongenummerde vel.